




Kompass



Jaargang 15 no. 3

Maart 2006

Tema: Israel visie

- **Sending onder die Jode** 2
- **Geskiedenis van 'n slagveld** 4
- **Vriende van Israel ..** 7
- **Die moderne staat Israel** 10

- Die missionêre kerk 12
- Jona 14

- Klip in die bos: kerk & Naionale owerheid 17
- Hoe het pelgrims plesier (II) 18
- Homoseksualiteit 20
- Boekbespreking: Tinkering with Creation 4

ISRAEL

- worstelend met GOD en met die mense

“Wat dink u van die staat en volk Israel?” As ons dié vraag in die algemeen sou stel, dan sou ons baie uiteenlopende antwoorde kry. Maar as ons dit aan 'n Christen sou vra, wat sou dan die antwoord wees? Sou 'n Christen dieselfde reageer as die meerderheid van die “buitewêreld”? Of het die Christengelowige dalk 'n antwoord wat totaal anders is, wat bepaal word deur sy kennis van die Woord van God?

Reeds die naam “Israel” sal vir baie mense 'n probleem wees. Want “Israel” is nie 'n gewone naam nie. “Israel” - worstelaar met God! Hierdie naam het 'n diepgaande en voortgaande betekenis. Die Man wat die hele nag met Jakob by Pniël worstel, kom nie verder nie. En dan proklameer Hy vir Jakob: jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin! Jakob kry daar 'n nuwe naam en God se seën. 'n Genadeseën binne die genadeprogram.

Die volk Israel was vanaf die tyd van sy intrek in Kanaän, na bevryding uit Egipte, tot vandag toe, 'n opsienbarende, weerspreekbare en selfs plofbare verskynsel. Die Kanaäniete het reeds geweet dat daardie volk ook 'n heel aparte volk was. En die duivel het ook geweet hoe God deur hierdie volk die voldoeningsprogram deur Jesus Christus wou begin en voltooi. Hy het die heidenvolke van en rondom Kanaän ingespan om Israel teen te staan.

As Jesus Christus later sy verlossingswerk volbring het - Hy 'n Israeliet soos alle Israeliete - en gaan sit het aan die regterhand van God, dan weet die satan dat hy die stryd verloor het. Hy het sy plek in die hemel verloor, maar op aarde kan hy nog 'n tydjie aangaan. Daar is hy besig om teen Christus se kerk te stry. Daar kan hy ook nog bly oorlog voer teen die volk Israel.

Dit is die agtergrond van die stryd rondom Israel. Satan wil Israel nie meer sien nie. Satan wil ook die kerk van Jesus Christus nie meer sien nie.

As gevolg van die feit dat Israel die Christus verwerp het, en vandag in groot meerderheid nog steeds verwerp, bly hierdie volk 'n getuienis teen homself: jy, Israel, was die vadervolk van Jesus Christus! Dit is die drama van die volk Israel: hy wat die Christus, Israel se groot Seun, verwerp, sal self deur God verwerp word.

In ons tyd is Israel steeds 'n lewende getuienis dat God deur Jesus Christus sy plan voltooi het. Vir elke Christengelowige Israeliet is dit tot heil en bemoediging, want die Skrif word deur sy geloof verder vervul. Maar vir hulle wat nie die Christus aanvaar nie, is dit tot onheil. Tussen daardie twee uiterstes werk die duivel: die Christen-Jood sal swaar kry en die staat Israel is net een te veel vir hom.

Daarom mag die gebed van die kerk van Christus nie verstom nie. Die gebed dat ook die Jode “die klip waarteen jy jou stamp en die rots van ergernis” (Rom. 9:33) deur waaragtig geloof sal erken as 'n klip en rots van behoud! En dat so die getal van daardie gelowiges nog groot en vol mag word. **HERE**, ontferm u oor Israel!

RN

Sending onder die Jode

Ds. PG Boon

TEMA: ISRAEL VISIE

Vanaf die Pinksterfees het die kerk hom beywer om so veel as moontlik Jode na Jesus, die ware Messias, toe te lei. Veral die eerste gemeente in Jerusalem het uit hulle pad gegaan om alle struikelblokke vir die Jode uit die weg te ruim. Soseer selfs dat van hulle (bv. die Christene uit die party van die Fariseërs – Hand. 15:5) die Evangelie-van-genade-alleen opgeoffer het.

Dis bekend vanuit die boek Handelingen hoe die apostels in elke stad eerste die sinagoge besoek het.

By die vestiging van die kerk in die eerste eeue het die Jode dikwels vyandige optrede teenoor die Christene geopenbaar. Maar, nadat die Romeinse Ryk in naam Christelik geword het, is daar van Christelike kant ook van tyd tot tyd verkeerd teenoor die Jode opgetree. Uit die Middeleeue is daar voorbeelde hoe die kerk die Jode met geweld tot bekering wou bring.

Die feit dat die Jode al die eeue verspreid oor alle lande gewoon het, het die kerk telkens weer geprikkel om standpunt in te neem. Dit het uiteengeloop van direkte onderdrukking in lande soos Spanje en Frankryk in die Middeleeue, waardeur baie Jode hulle toevlug in Oos-Europa gesoek het, tot 'n benadering van dialoog, byvoorbeeld vanuit die visie dat daar twee weë na God is, dié deur Christus, en dié deur die Joodse godsdiens. 'n Visie wat vandag algemeen aanvaar is in vele kerkgenootskappe.

Reformasie en Jode – Martin Bucer


Die Reformasie van die 16^{de} eeu het in dié lande waar dit deurgedring het, oor die algemeen verligting vir die Jode gebring. Die Reformatore, soos byvoorbeeld Martin Bucer, was deurdronge van die noodsaak om die Evangelie aan die Jode voor te

hou. Bucer was 'n tydgenoot van Martin Luther en een van die mees invloedryke reformatore. Hy het 'n groot invloed op die jongere Johannes Calvyn gehad. Toe in die Duitse staat Hessen die landsgraaf Philips von Hessen hom tot Bucer gewend het om advies aangaande die 'Jode-kwessie', het Bucer hom in sy antwoord (1539) verset teen die algemene opinie onder die geestelikes dat die Jode maar die beste uit Hessen verwyder kon word. Die feit dat hulle 'n eie godsdienstige kultus gehad het, en dat hulle bekend gestaan het vir hul woekerpraktyke, mog nie 'n aanleiding wees om hulle die land uit te sit nie. Bucer se uitgangspunt was dat die owerheid die plig het om te sorg vir die beskerming sowel as die bevordering van die ware Christelike geloof, ook ten aansien van die Jode. Die Joodse gemeenskap moes geduld word, met die doel om vele van hulle tot hul eie behoud te wen vir die Christelike godsdiens.

Oor die algemeen het Bucer baie klem gelê op die taak wat Christene ontvang het om die 'regnum Christi', die ryk van Christus, op aarde te verwesenlik. 'n Onderdeel hiervan was – soos dit genoem is – die 'Jode-predikasies'. Die owerheid moes ook geleenthede skep waardeur die Christus, naamlik Jesus van Nasaret, aan die Jode verkondig kon word. Verder moes alle Christene deur hul lewenswandel die Jode probeer wen vir Christus.

Die Jode in Nederland van die 17^{de} eeu

Die 17^{de} eeu in Nederland (ook wel die Goue Eeu genoem) staan bekend as die eeu waarin die wins van die Reformasie van die 16^{de} eeu probeer vertaal is na die volle breedte van kerk, maatskappy en individu.



Dikwels word hier-na as die *Nadere Reformasie* verwys. Die kerk van die Reformasie het in hierdie eeu die spesiale beskerming en bevoordeling van die

Nederlandse state geniet. Hoewel die Roomse kerk asook die Jode met hul sinagoges ook in die Nederland van die 17^{de} eeu geduld is. Hulle mog hul godsdiens beoefen, maar nie alte openlik nie. Al met al kan ons van 'n besonder verdraagsame situasie praat, veral as 'n mens dit vergelyk met die ander Europese lande van daardie dae. In Frankryk is die Protestante byvoorbeeld bloedig vervolgd. En 'n 'verligte' Joodse geleerde en filosoof soos Spinoza se lewe was nie veilig nie, behalwe in Nederland. Hy het hom daarom ook in Den Haag gevestig. In hierdie 17^{de} eeu het die bekende teoloog Voetius byvoorbeeld klem daarop gelê dat die Christene die heil van die Jode in besondere sin ter harte moet neem. Daar moet voorbede vir hulle gedoen word. En die kerk moet probeer om, in navolging van Apollos (Hand 18 & 19), hulle te oorreed vanuit die Skrifte. Die teoloë het volgens Voetius die taak om die Skrif op die regte manier uit te lê en teen die Joodse Skrifverklaring te verdedig. Hy, en saam met hom ander teoloë, pleit vir die hou van 'disputasies', dit wil sê same-sprekings met die Joodse rabbyne, waarby die Ou Testament - wat deur altwee partye aanvaar word - as uitgangspunt geld.

Opvallend is wat Friedrich à Weile in hierdie opsig skryf. Hy was 'n Jood, gebore in Duitsland, wat hom tot die Christelike geloof bekeer het, en uiteindelik in die Nederlandse dorpie Spijk predikant geword het. In sy boek "De Heerlykheit Jesu Christi, Gods beloofden Messiae" uit 1682 pleit hy dat deeglik opgeleide teoloë nodig is om hulle met die Joodse vraagstuk besig te hou. Hulle moet in besonder goed onderlê wees in die Hebreuse, Chaldeese (= Ara-

mese) en Siriese tale, en geen vreemde delinge wees in die Hebreeuse en Rabbynse geskifte nie. Oor die algemeen word in die 17^{de} eeu baie klem gelê op die metode van die teologiese dispuut, om langs hierdie weg die Jode te oortuig dat Jesus die Messias is. Tog vind 'n mens ook van tyd tot tyd – nie vreemd vir die eeu van die Nadere Reformasie nie – die oproep om deur 'n geheiligde persoonlike lewenswandel en 'n toegewyde kerklike lewe alles uit die weg te ruim wat vir die Jode 'n verandering sou kon wees om die weg na die kerk te vind. Hindernisse wat genoem word, is dinge soos skeuring, twis, onenigheid onder Christene, asook ongebondenheid onder kerkmense.

Sending onder die Jode in die 19^{de} en begin 20^{ste} eeu

Vanuit die beweging van die Nadere Reformasie in Nederland (en sy geesgenote in ander lande soos die Piëtisme in Duitsland en die Puritanisme in Groot-Brittanje) het heelwat sendingsgenootskappe die lig gesien. Hierby het die aandag vir sending onder die Jode nie ontbreek nie. So is daar byvoorbeeld in Duitsland die *Gesellschaft zur Beförderung des Christentums unter den Juden* (Vereniging vir die bevordering van die Christendom onder die Jode) in die lewe geroep. In Nederland is die *Nederlandsche Vereeniging voor Israël* opgerig, met sy maandblad *De Hope Israëls*. Die bekende Isaac da Costa (self 'n bekeerde Jood) het hom in die 19^{de} eeu baie vir die ideale van hierdie vereniging bevorder. Die Gereformeerde Kerke in Nederland (wat voortgekom het uit die vereniging in 1892 tussen die Afsgekeide en Dolerende kerke) het spesiale deputate benoem vir die sending onder die Jode. Die kerke is versoek om elke jaar (verkieklik met Kersfees) 'n kollekte te hou vir sending onder die Jode. Die kerk in Den Haag is aangewys as die sendende kerk vir die taak onder die Jode, vanweë die feit dat daar soveel Jode rondom die eeuwisseling (1900) in hierdie stad

gewoon het. Ds Van Nes het vanaf 1916 'n spesiale roeping gehad om onder die Jode te werk. Onder sy leiding is in verskeie gemeentes sendingskommissies gevorm wat hulle daarop toegelê het om met behulp van die aanbieder van kursusse 'n elementêre kennis omtrent die Jodedom te bevorder. Ook het ds Van Nes openbare vergaderings gehou waarnatoe die Jode per advertensie uitgenooi is om te debatteer. Onder sy leiding het vanaf 1917 die maandblad *De Messiasbode* verskyn wat met 'n oplaag van duisende eksemplare gratis onder die Jode versprei is. Verder is daar 'n spesiale studiebiblioteek opgerig in Den Haag aan die Galileistraat, waarvan sowel Jode as Christene gebruik kon maak. Vanaf 1922 het 'n tweede predikant namens die Gereformeerde Kerke sending onder die Jode begin doen: ds WJJ Velders. Hulle arbeid het daartoe gelei dat 'n aantal Jode en Jodinne langs die weg van onderwys hulle geloof mog bely en die Christelike doop ontvang het.

Wie sou in daardie vooroorlogse jare kon vermoed dat hierdie pragtige inisiatiewe 'n paar jaar later tot 'n einde sou kom? Vanweë die Nazi-regime se Jodepolitiek en die lydelike houding van die meerderheid van die Nederlandse samelewing sou daar na die Tweede Wêreldoorlog byna geen Jode meer oor wees in Nederland onder wie sending gedryf kon word nie ...

Die Presbiteriaanse kerke in Skotland was gedurende die 19^{de} eeu ook baie aktief in die sending onder die Jode. Bekende name in hierdie opsig is Andrew Bonar, Robert M'Cheyne, Wodrow, Black en Keith. Mede danksy hulle sendingswerk op die Europese vasteland het die aantal Christen-Jode rondom 1900 vermeerder tot ongeveer 250 000. Die grootste deel van hulle het in Hongarye gewoon. Ook aan hulle en hul nasate se lewens het 'n abrupte einde gekom in die gaskamers van onder meer Auschwitz.

Sending onder die Jode vandag...

Tydens die vorige sitting van die ICRC (International Conference of Reformed Churches), in 2001 gehou in Philadelphia VSA, is 'n sterk pleidooi gevoer vir aanhoudende sending onder die Jode. Sending onder die Jode behoort 'n vaste onderdeel van die sending van Gereformeerde kerke te wees. Die kerk mag nie nalaat om steeds daarop te wys dat Jesus ook vir die Jode gesterf het nie. Hierdie stelling is verdedig deur ds John Ross van die *Christian Witness to Israel* tydens bogenoemde konferensie. Volgens Ross staan die Judaïsme aan die een kant baie naby aan die Christelike geloof vanweë die gesamentlike fondament van die Ou Testament. Maar aan die ander kant, van die groot wêreldgodsdienste staan die Judaïsme die verste van die Christendom af. “As ek aan 'n Hindoe sou vra wat Christus vir hom beteken, sal hy sê: ‘Ek wil wel 'n voetstuk vir Hom oprig, sodat 'n beeld van Hom daarop geplaas kan word.’ Want naas die vele gode van die Hindoes kan daar wel nog een toegevoeg word. En 'n Boeddhis sal sê: ‘Hy was 'n goeie leraar, van wie ons nog heelwat kan leer.’ En 'n Moslem: ‘Hy was 'n groot profeet, ná Mohammed die grootste.’ Maar 'n Jod sal sê: ‘Met Christus het ek niks te make nie.’”

Vanuit die susterkerke in Nederland onderneem sommige gemeentes ook inisiatiewe tot sending onder die Jode. Daar bestaan spesiale kontakte met Messiasbelydende gemeentes in die huidige staat Israel. Van tyd tot tyd verskyn daar ook publikasies wat ingaan op die sendingswerk onder die Jode, asook die verhouding tussen die Christelike geloof en die Joodse kultuur. Ek dink byvoorbeeld aan die boek *Vervolg en vernieuwing. een Joods-Christelike visie op het evangelie in oud en nieuw verbond*, geskryf deur die Messiasbelydende Jood Baroeh Maoz, en geredigeer en ingelei deur R ter Beek (RB-serie 1992). Beslis die moeite werd om te lees. ✠

Die geskiedenis van 'n slagveld

Dr JW Meijer

TEMA: ISRAEL VISIE



'n Historiese perspektief op die landstreek Palestina

Die geskiedenis van die Westerse beskawing begin gedokumenteer by die ou rivierkulture van die Midde-Ooste. Vanaf die Persiese Golf het, in die vorm van 'n halfsirkel, langs die Eufraat en Tigris deur Hamat en Kanaän na die Nyl, 'n gebied van vrugbare grond gestrek waar die mense hulle na die sondvloed en spraakverwarring gevestig het. Hierdie uitgestrekte 'vrugbare halfmaan' het twee brandpunte van ontwikkeling geken: Mesopotamië in die ooste en Egipte in die weste. Tussen hierdie twee kulturele en dikwels militêre grootmagte het die land Palestina die smal verbinding gevorm. In tye van vrede was die handelskaravane talryk in hierdie gebied, soos meer dikwels in tye van oorlog die leërs daar gesien is. Die hoofpad tussen Asië en Afrika het deur Kanaän geloop.

Namate die skeepvaart van die Fenisiërs uitgebrei het, het Kanaän in toenemende mate ook deel van die verbinding tussen Europa en die Indiese Oseaan geword.

Kanaän, 'n klein en op sigself onbelangrike landjie, het deur die eeue die kruispunt van die belange van afwisselende groot moondhede geword en dit in steeds veranderende omstandighede gebly.

Die handelsroete

Kanaän is 'n bergagtige gebied. Die belangrikste berge loop noord-suid parallel met die Jordaanrivier: die berggebied van Juda en Efraim. Eeue lank het die handelsroete van Egipte noordwaarts deur die kusvlakte van die Middellandse See, o.a. die huidige Gasa-strook, geloop. In die noorde van Kanaän is hierdie roete versper deur die Karmelgebergte wat dwars in die pad was. By Megiddo was die beste bergpas waarnatoe die handelsroete deur 'n vlakte na Beth-

Sean, waar die Jordaan deurwaadbaar was, geloop het, om vervolgens na die noorde af te buig in die rigting van Damaskus. Die strategies mees kritiese punt op hierdie verbinding was Megiddo en die vlakte oos daarvan. Uiteraard was dit nie net die roete vir handelskaravane nie, maar ook vir leërs. En dit is hierdie vlakte van Megiddo wat een van die groot slagvelde vanaf die oudheid tot in die moderne tyd geword het.

Egipte

Die Egiptiese gebied was, as gevolg van die onherbergsame woestyne wat hom omring, baie moeilik om te verower. Daar was slegs een toegangspad wat deur groot leërs gebruik kon word: Kanaän. Die Egiptenaars het dan ook graag oor hierdie gebied gesag uitgeoefen om moontlike vyande vroegtydig voor te keer. Maar die Mesopotamiese maghebbers het hierdie Egiptiese magsuitbreiding as 'n bedreiging ervaar.

Die Bybel is nie baie uitgebreid oor hierdie magspel nie, maar daar is tog verskeie aanwysings. Reeds in Abraham se tyd was daar Kedor-Laomer (Gen. 14) en in die tyd van die Rigters Kusan Risataim (Rigt. 3) wat van die ooste af gekom het, en van die invloed van Egipte lees ons o.a. tydens Salomo se regering in 1 Kon. 3 en ten tye van Rehabeam in 2 Kron. 12. In dieselfde periode word ook die betekenis van die verbinding tussen die Middellandse See en die Indiese Oseaan deur die samewerking met die Fenisiërs van groter belang. (1 Kon. 10, 11 en 22).

Die konflik tussen die groot moondhede wat tot op hierdie stadium in Kanaän uitgeveg is, was nog nie grootskaals nie; dit sou verander met die opkoms van die Assiriese Ryk, die eerste groot militêre mag van die oudheid.

Assiriese Ryk

Ver in die noordelikste deel van die vrugbare halfmaan het die Assiriërs gewoon. Al vanaf die tyd van Israel se uittog uit Egipte het die konings van hierdie stam met wisselende sukses veroweringstogte gehou. Omstreeks 800 v.C. begin 'n periode van groot uitbreiding. Die Assiriërs onderwerp hul aartsvyand Babilonië en daarna rig die Assiriese vorste hul aandag op die westelike deel van die vrugbare halfmaan, met as uiteindelijke doel die verowering van Egipte. Die geskiedenis van die noordelike ryk Israel is vol van die aanvalle en uiteindelijke onderwerping en wegvoering van die tien stamme deur die Assiriërs. En die bodem van Palestina is met bloed deurdrenk.

Ook koning Hiskia van Jerusalem het met die Assiriese mag kennis gemaak toe hulle opgeruk het om Egipte te verower. Maar daardie leër is deur Jahwe verslaan. Die boekrol van Jesaja is vol van hierdie uiters turbulente tye. En die ondergang wat hierdie profeet reeds oor Assirië voorspel het, het gekom. Die Mede en die Babiloniërs het die verswakte ryk van Assur begin verwoes en Egipte het die Assiriërs vanuit die weste aangeval, 'n ontwikkeling wat die vrome koning Josia sy lewe gekos het, weer eens by Megiddo (2 Kon. 23:29). En dit het vir Kanaän die koms van Babel ingelui.

Babiloniese Ryk

Elke Bybelleser ken die naam van Nebukadnesar en sy vertroueling Daniël, en daarmee is ons by die kortstondige periode van die bloei van die Babiloniese Ryk, van ongeveer 610 tot 540 v.C. . Nebukadnesar het groot dele van die Assiriese Ryk oorgeneem, en ook hy het sy oog op Egipte geslaan. Die klein staat Juda het in die stryd sy onafhanklikheid verloor en sy inwoners is in ballingskap weggevoer. Weer eens was die handelsroete deur die vrugbare halfmaan die grootpad vir die leërs en het Megiddo die laaste nakomelinge van Abraham sien terugkeer na Haran en Ur, waarvandaan

hul voorvader gekom het. Maar hierdie terugkeer sou net tydelik wees.

Die Persiese Ryk


Die Mede wat saam met die Babiloniërs 'n einde aan die Assiriese mag gemaak het, het daarna in samewerking met die Perse die volgende langdurige grootmag gevorm waaraan ook omstreeks 540 die Babiloniërs onderwerp is. Hierdie Persiese Ryk het uiteindelik die ou ideaal bereik: op basis van eenheid in die vrugbare halfmaan het sy grense vanaf Indië tot Griekeland gestrek. Koning Kores het die land deeglik georganiseer en 'n sterk regeringsstelsel gevorm. Hy het 'n balans gesoek tussen 'n sterk sentrale mag en toegewings aan die nasionale gevoelens van alle volke binne die ryk. Die terugkeer uit ballingskap vorm daarvan 'n deel. Die Bybelboeke Haggai, Esra en Nehemia vertel ons daarvan. En sowel Serubbabel as Esra en Nehemia, het weer eens die ou roete gevolg en oor die ou slagvelde gegaan om na Jerusalem te trek.

Die tydperk van die Persiese Ryk was relatief 'n rustige tyd vir die bewoners van Kanaän. Die volk van die Jode kon herstel en groei en die tempeldiens onderhou. Maar daar was ook bedreigings. Die boek Ester vertel, onder die oppervlak van 'n pragtige verhaal, van 'n baie ernstige poging om die volk van God te vernietig.

Uit die geskiedenis van ou Griekeland ken ons 'n reeks oorloë tussen die Persiese Ryk en Griekeland. Hierdie deurgaande konflik (wat ook in die eerste hoofstuk van die boek Ester aan die orde is) het die aanleiding geword vir die stormwind van die oudheid, Alexander die Grote.

Alexander die Grote

In 334 v.C. verander die jong koning Alexander van Masedonië, as die opperbevelhebber van die verenigde Griekse state, die verdedigings-



oorlog teen die Perse in 'n aanvalsoorlog. Aanvanklik stadig en omsigtig trek hy Turkye deur totdat hy 'n jaar later naby Antiogië die Perse 'n vernietigende nederlaag toebring. Die einde van die Persiese Ryk kom nou baie vinnig nader.

Alexander trek eers na die suide en langs die ou handelsroete oor Megiddo na Egipte, wat hy onderwerp. Hy het geen tyd nodig gehad om Jerusalem te beleër nie, want die Jode het hulle vrywillig aan Alexander onderwerp. Sodoende kon hy die pad na die ooste vat en die Perse tot in Indië verslaan.

Maar na die voltooiing van sy veldtog het daar nie die vorming van 'n nuwe wêreldmag gevolg nie. Alexander sterf op 32-jarige leeftyd en dit wat 'n groot ryk moes word, word onder sy generaals verdeel.

Onder Egipte en Sirië

Hoewel al Alexander se opvolgers Grieke was en ook almal in hul gebiede die Griekse kultuur bevorder het, was daar onderling groot nadering wat tot talle oorloë gelei het. Palestina was, vanweë sy strategiese betekenis, vir sowel Egipte as vir Sirië van belang. Dit het weer eens langs die handelsroete in die land baie onrus en geweld opgelewer. Uiteindelik het die gebied omstreeks 200 v.C. stewig in die mag van die Siriëse heersers gekom. Die berugte koning Antiochus Epifanes se gewelddadige deurvoering van die Griekse kultuur, insluitende die afgodery, het die Jode tot die uiterste geprikkel en dit het ten slotte tot die opstand van

die Makkabeërs gelei. Weereens het die leërs bloeddorstig deur Palestina getrek. U kan die verhaale lees in die apokriewe boeke van die Makkabeërs.

Die aanvanklike rus wat na die geslaagde opstand gevolg het, het spoedig in 'n godsdienstige burgeroorlog tussen Sadduseërs

en Fariseërs ontaard. Opnuut was Palestina 'n slagveld waar bloedige tonele afgespeel het. En terwyl die mense daar in onderlinge stryd hulself verswak het, het die nuwe mag Rome in 66 v.C. die Siriëse Ryk verower en kort daarna het ook Palestina onder die mag van die Romeine gekom.

Onder Rome

Die heerskappy van Rome en sy vasalvors Herodes en stadhouer Pilatus ken ons goed uit die Nuwe Testament. Maar daaruit weet ons ook van die diep gewortelde haat teen die Romeinse oorheersing. 'n Haat wat reëlmatig tot daad van verset en opstand aanleiding gegee het. Uiteindelik breek die groot opstand uit wat in die jaar 69 lei tot die verwoesting van stad en tempel. Maar dit het nog tot die jaar 73 geduur voordat die laaste vesting, Masada, geval het. En al die tyd was die land Palestina die toneel van gevegte en bloedvergieting.

Maar ook na die groot opstand bly dit onrustig in Palestina. En toe die Romeinse keiser opdrag gee om op die plek van Jerusalem 'n nuwe aan die keiser gewyde stad en op Sion 'n nuwe aan Jupiter gewyde tempel te bou, breek in die jaar 130 die finale opstand uit waarby die land Palestina opnuut deur moordbendes deurkruis is.

Dit diaspora van die Jode is nou finaal en baie vreemde stamme neem besit van die gebied. Dit is asof daar 'n gordyn val oor Palestina wat tot die verowering deur die Islam, deel bly vorm van die Oos-Romeinse Ryk.

Die Islam

Nadat Mohammed sy nuwe godsdiens in Arabië gevestig het, is die eerste uitbreiding daarvan na Palestina. In 638 word Jerusalem, voortaan die tweede heiligste stad van die Islam, verower. Na die Joodse tyd en die Oos-Romeinse bewind is dit weer nuwe heersers en ook nuwe bewoners wat hulle in Palestina tuismaak.

Baie mense sien die Islamitiese wêreld as 'n gelykvormige en soliede eenheid. Maar dit is nie die geval nie. Daar is binne die Islam baie onderlinge verskille en die verskille is al baie oud. Palestina was die uiterste oostelike deel van die Sjïitiese kalifaat, maar die nabye Damaskus was die sentrum van die Soenitiese kaliefs. Onder die kaliefs, die opvolgers van Mohammed, het die onderskeie stromings herhaaldelik met mekaar gebots, wat tot onderlinge oorloë gelei het. En weer eens was Palestina die kruispunt waar die strydendes dikwels gebots het. Deur die uitbreiding van die Islam sowel na die ooste as na die weste, kon dit nie meer as 'n eenheid hanteer word nie en die plaaslike heersers het oorgeneem, en al het hulle dikwels die skyn van eenheid probeer bewaar, was daar ook groot onderlinge nayswer, sowel op godsdienslike as op politieke gebied.

Die kruistogte

Nuwe bloedvergieting en onrus was Palestina se deel deur die koms van die kruisvaarders. Om Jerusalem en ander heilige plekke te verower van die Mohammedane en dit weer vir die Christene toeganklik te maak, het hulle na die ooste gegaan. Tussen die jare 1100 en 1300 is 'n tiental kruistogte onderneem, oor die algemeen met baie min of glad geen sukses nie, maar dit het wel 'n permanente bron van onrus vir Palestina geskep. Slegs die eerste kruistog het 'sukses' gehad: Jerusalem is verower en 'n sogenaamde Christelike koninkryk in Palestina gestig. Maar dit het met net soveel bloedvergieting ondergaan as wat dit gestig is.

Daarna breek opnuut 'n periode aan waar die kontakte tussen Palestina en die buitewêreld skaars is.

Die Turkse Ryk

Terwyl in Europa tydens die rumoerige Middeleeue die verskillende nasionale state tot stand gekom het, is omstreeks 1400 die Osmaanse of Turkse ryk gevorm. Een van sy eerste verowerings was na die suide, die landstreek Palestina. Deur dit in besit te neem, het die Turke hul oosgrens beskerm sodat hulle ongehinderd die Balkan kon binneval.

Vir die Palestyne is die Turkse bewind een van die langdurigste periodes in hulle bestaan. Dit wil voorkom dat die strategiese betekenis van die gebied afneem. Die internasionale handel met die verre ooste gaan nie langer met karavane oor land nie, maar met skepe langs die Kaap die Goeie Hoop, en die magsentrums is nie langer in die Midde-Ooste nie, maar het na Wes-Europa verskuif.

Kort na die Napoleontiese tyd begin sake verander. Die Turkse Ryk verswak en dit lei tot opstande van onderworpe volke. Griekeland is die eerste wat sy vryheid terugkry, en vervolgens val Sirië en Palestina in die ooste in 1833 onder die mag van die Egiptiese heerser.

Enkele jare later, in 1869, word die Suez-kanaal geopen en daarmee kom die gebied (insluitende Palestina) weer in die sentrum van internasionale belangstelling te staan.

Die finale ondergang van die Turkse Ryk het gekom na die Eerste Wêreldoorlog. Die midde-oosterse Turkse gebiede is in 1919 as protektorate onder Frankryk en Engeland verdeel. Gebiede soos Irak, Sirië, Libanon, Palestina en (Trans)Jordanië verskyn op die kaart, waarby Palestina 'n Britse protektoraat word.

Die Britte en die Sioniste

Hoewel die Britte met die mond die saak van die Sioniste gesteun het, het hulle die groeiende immigrasie van Jode in Palestina teengestaan. Gedurende die Tweede Wêreld-

oorlog, toe die Jode 'n baie betroubaarder bondgenoot was as die Arabiere, het die Britte weer eens hul band met die Jode versterk en in werklikheid baie Jode militêr opgelei. Maar met die einde van die oorlog het ander belange, soos olie, die beleid van die Britte weer laat swaai. Ondanks alle teenstand het die Joodse immigrasie vanuit die verwoeste Europa sterk gegroei. In 1948 besluit die VN op 'n verdeling van die gebied tussen Jode en Palestyne, 'n besluit waarby Jan Smuts 'n belangrike rol gespeel het. Die Joodse staat word gestig en die nog steeds voortdurende gewapende konflik met die Arabiere breek uit. En weer eens is die ou land die toneel van oorlog en bloedvergieting. En tot in die laaste oorlog het die vlakte by Megiddo die toneel van veldslae geword.

Twee gedagtes

Wanneer ons die geskiedenis van die landstreek oorweeg en daarby nie religieuse eise en wense betrek nie, dan is dit duidelik dat nóg die Jode nóg die Arabiere 'n deurslaggewende 'eis' op die alleenreg van die gebied het. Beide groepe se voorgeslagte het vir ongeveer 1500 jare die gebied as hul woonplek gehad.

Dit is ook 'n oop vraag in hoeverre internasionale afsprake en besluite voldoende morele gronde het om as regverdige oplossings aangebied te word. Dit is egter duidelik dat die oplossing van die huidige konflik nie met behulp van historiese argumente beslis kan word nie.

Wat wel heel opvallend is, is die feit dat ondanks alle veranderinge deur die eeue, hierdie gebied steeds soveel aandag bly trek en strategiese belang bly behou het. Die talryke historiese veldslae by Megiddo staan dan ook in Openbaring 16:16 op die agtergrond as hierdie plek genoem word as die vlakte waar die volkere van die aarde tot die laaste oorlog versamel word. ❧

Wie is werklik die vriende van Israel?



- Oor die verhouding tussen kerk en Israel -

Ds. E van Alten

TEMA: ISRAEL VISIE

'n Vinnige soektog in Google onder die opskrif "friends of Israel" laat 'n mens beseft met watter aktuele en lewendige onderwerp ons hier te make het. Oral is daar mense en groepe wat hulself presenteer as vriende van Israel. Ook, en juis, Christene kom op vir hul Joodse broeders en susters. Die afgelope vyftien tot twintig jaar kan met reg beskryf word as 'n ligpunt in die geskiedenis van die Christelike kerk se verhouding tot die Joodse volk. Want dit was, helaas, deur die loop van die geskiedenis 'n ander verhaal...

Dit was vir eeue lank 'n verhaal van dood en vervolging, van pogroms en massamoorde. Auschwitz is maar die top van die ysberg wanneer ons praat oor die vervolging van die Jode die afgelope 2000 jaar. Selde het die Jode vir lank 'n rusplek gevind, selde is hulle in die samelewing aanvaar.¹ Selfs die stigting van die moderne staat Israel in 1948 het vir die Jode geen rus gebring nie. Tot vandag toe

hoor ons van selfmoorbomaanvalle, onrus en geweld in Israel.

Maar in die afgelope vyftien tot twintig jaar het daar 'n kentering gekom in die houding van baie Christene teenoor die Jode en Joodse volk. Is dit positief? Natuurlik, die kerk se deel in die vervolging van die Jode is nie iets waarop ons trots kan wees nie, en die opdrag van God om ons naaste lief te hê soos onself, geld ook vir ons verhouding tot die Jode. Tog is dit goed om hierdie nuwe houding nie slegs eties nie, maar veral ook teologies te ondersoek. Wat is die onderliggende teologiese motivering vir hierdie nuwe houding? Hoe behoort ons die verhouding tussen kerk en Israel te beskou?

Kerk en Israel – twee spore


Die nuwe houding teenoor Israel wat in die laaste paar dekades na vore gekom het, is veral die gevolg van, wat ek maar noem, 'n tweespore-visie op Israel en die kerk. God se

omgang met Israel en met die kerk word as twee aparte weë gesien. Hierdie visie kom in verskillende vorme na vore.

Hal Lindsey en die pre-millennialisme

Hierdie tweespore-visie kom in een spesifieke vorm uit in die pre-millennialisme van iemand soos Hal Lindsey.² Wat met pre-millennialisme bedoel word, kan aan die hand van onderstaande skets duidelik gemaak word.

Lindsey sien ná Christus se hemelvaart eers 'n periode van die Nuwe Testamentiese gemeente (Openbaring 2-3). Daarna volg die sogenaamde wegraping ('rapture') – hieronder verstaan Lindsey die koms van Christus uit die hemel om die gelowiges, wat Hom in die lug tegemoet gaan, na die hemel weg te voer. Daarna volg die groot verdrukking, 'n periode van sewe jaar (Openbaring 6-19). In die tyd van die groot verdrukking sal daar 'n



Oorgeneem uit: Hal Lindsey, *OP WEG NAAR EEN NIEUWE WERELD*, 2e druk Novapres, Laren 1973.

grootskaalse bekering onder die Jode plaasvind. Ná die groot verdrukking sal die stryd van Armageddon gevoer word, en daarna keer Christus terug uit die hemel, vergesel van die gelowiges wat sedert die wegraping in die hemel vertoef het. Hulle keer nou saam met Christus terug na die aarde waar Hy sy duisendjarige koninkryk sal vestig. Aan die einde van die 1000 jaar breek daar weer 'n opstand uit wat vinnig onderdruk sal word. Daarna breek die ewigheid aan. Dit is in breë hooftrekke die leer van Lindsey. Hierdie stelsel word in die vakliteratuur die “pre-millennialisme” genoem (pre=voor, millennium=duisendjarige ryk). Hierdie term wil dus sê dat Lindsey die wederkoms van Christus plaas voor sy duisendjarige aardse heerskappy. Wat opvallend is van hierdie stelsel, is dat daar 'n onderskeid getref word tussen God se doel met die kerk en sy doel met Israel. Die kerk word immers in die hemel opgeneem (een bedeling) en daarna volg 'n tydperk van bekering van die Joodse volk en Christus se duisendjarige heerskappy in Jerusalem ('n ander bedeling). God se pad met die kerk word deur Lindsey as 'n tussenbedeling of interimperiode gesien, waarin God 'n sy pad volg, om eers weer in die volgende bedeling by die hoofpad (Israel) uit te kom. God het dus twee aparte paaie wat Hy volg: 1) 'n pad met sy gemeente, die kerk, en 2) 'n pad met Israel waarin die onvervulde beloftes aan Israel vervul sal word.

Die moderne teologie

Daar is nog 'n ander manier waarop by hierdie tweespore-visie uitgekome word, en dit is die manier van die moderne teologie. In die moderne teologie kom 'n bepaalde voorliefde vir Israel na vore. Hierdie voorliefde wil slegs oor die Jode praat as mense wat ook op die pad van God se verbond opgeneem is. Daar moet geen sending onder die Jode plaasvind nie, maar daar moet gesprek en ontmoeting wees. Die volgende verhaal illustreer hierdie punt:

Dit is al weer baie jare gelede dat in ons gemeente van Amsterdam-sentrum 'n Jood tot die Christelike geloof bekeer is... Toe hierdie nuwe broeder hom wou laat doop, het hy op die Saterdag voor die doopsondag besoek van 'n rabbyn ontvang. Hy was bereid om 'n sabbatsreis te onderneem om 'n dwalende seun van sy volk van sy voorneme af te bring. Hy het gedoen wat van 'n geestelike herder verwag mag word. Die doop het nietemin voortgegaan, en kort daarna het ons broeder 'n reis na Israel gemaak. Natuurlik het hy by die Christelike nedersetting Nes Ammim aangedoen. Maar dit was vir hom 'n groot teleurstelling! Die mense daar was nie bly met sy bekering nie, en hulle het hom kwalik geneem dat hy homself in die kerk laat doop het... Die Jood moes immers 'n Jood bly en die Christen 'n Christen, en geen enkele bekeringsdrang van Christelike kant mag die prille begin van 'n goeie verhouding tussen Jode en Christene versteur nie.³

Ook in hierdie benadering is daar dus twee paaie: 'n Joodse pad en 'n Christelike pad. Beide hierdie paaie lei uiteindelik na dieselfde doel, want Jode sowel as Christene dien immers dieselfde God? Vir Israel is daar dus 'n aparte roete na God toe!

Opsomming

Bogenoemde twee visies verskil radikaal van mekaar, maar het wel hierdie belangrike kenmerk in gemeen, naamlik dat God se omgang met Israel en sy omgang met die kerk as twee aparte spore gesien word. En opvallend: aanhangers van beide hierdie visies noem hulself “vriende van Israel”.

Kerk en Israel – één!

Van die kant van die aanhangers van die tweespore-visie (in watter vorm dan ook) word dikwels die verwyte aan gereformeerdes gerig dat hulle geen oog vir Israel sou hê nie. Die leer dat die kerk in die plek van Israel sou gekom het (die vervangings-

model), sou hiervoor die rede wees. Ons moet toegee dat hierdie leer dikwels in die geskiedenis uitgedra is. Dit is egter nie 'n suiwer weergawe van die reformatoriese opvatting nie.

Ons kan die verhouding tussen kerk en Israel baie beter soos volg sien: Israel *is* die kerk, en: die kerk *is* Israel. Só was dit in die Ou Verbond, so is dit *in vervulling* in die Nuwe Verbond. Dus, geen vervanging van Israel deur die kerk nie, maar eerder: die een Israel, die kerk van alle gelowiges vanaf die begin tot die einde toe. So bely ons dit immers in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus: Die Seun van God vergader, beskerm en onderhou sy kerk 1) *in die eenheid van die ware geloof*, 2) *van die begin van die wêreld af tot die einde toe* deur sy Woord en Gees.

Ad 1) In Romeine 11:23 lees ons: “Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent.” “Hulle” – dit is die Jode – sal weer deel word van God se volk. Maar dit is geen onvoorwaardelike deelwording nie. Slegs *deur geloof* word hulle weer deel van die kerk van Christus – natuurlike afstamming van Abraham is geen waarborg nie. En dit is geen Nuwe Testamentiese voorwaarde nie; hierdie voorwaarde het deur die hele geskiedenis gegeld. Dit het gegeld vir Abraham, die vader van alle gelowiges (sien Romeine 4:2-3), dit geld vir ons vandag, en dit geld ook vir die Jode. Geloof in Jesus Christus is dus die manier, die wyse, waarop Christus sy kerk vergader.

Ad 2) Die kerk is geen post-pinkster-verskynsel nie, maar 'n werklikheid vanaf die allereerste begin. Dit is dus 'n valse teenstelling om kerk en Israel teenoor mekaar te plaas. Sien Ps. 71:17-18, Jesaja 59:21, 1 Korinthiërs 11:26.

Dus, slegs deur die geloof word uiteindelik “die hele Israel” gered (Rom. 11:26)! Die “hele” Israel word egter nie “heel” deur die natuurlike voortplanting nie, maar deur die

Geestelike bekering en inenting. Die “hele” Israel is dus gedeeltelik opgebou uit bekeerde Jode en gedeeltelik uit die volheid van die volke wat daarin saamgebring is. Daardie Jode wat hulle aan Christus gestoot het, word as dooie takke afgekap. In die plek daarvan word gelowiges uit die heidendom ingeënt. Almal wat uit die heidenvolke by Abraham se nageslag ingelyf word, mag hulself as seuns van Abraham beskou.

Dit gaan uiteindelik oor die *een* volk van God wat uit Jode- en heidengelowiges bestaan. Vir hierdie een volk, die hele Israel, geld dieselfde belofte: Ek sal vir julle ‘n God wees.

Ons moet egter goed daarop let dat Israel nie by die volke nie, maar die volke by Israel ingelyf word. Laat ons ons daarom nie bo die Jode verhef nie, maar in dankbare erkentlikheid die plek van hierdie volk in ere hou: “En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ‘n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel

gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem – dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou. Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.” (Rom. 11:17-20)

Vriende van Israel

Ten slotte: wie is werklik die vriende van Israel? Dié wat hulle oorlaat tot die tyd van die duisendjarige ryk? Dié wat hulle Jode laat omdat hulle op hul eie pad tot God sal kom? Of dié wat aan die Jode die evangelie van verlossing verkondig?

Wanneer ons sien dat daar in Israel, in die kerk van Christus, slegs een pad tot behoud is, sal dit ons harte raak wanneer daardie weg nie aan die Jode verkondig word nie. En dan kan ons onself ook nie versoen met ‘n tweespore-visie nie.

Ons skuldgevoelens oor wat in die westerse geskiedenis met die Jode gedoen is, moet ons nie vandag daarvan weerhou om aan hulle daardie pad voor te hou nie. Die kerk van Christus wat Christus aan die Jode verkondig, hulle is die vriende van Israel. En aan almal wat die Jode Jode wil laat, vra ons: “Van wanneer af onthou ons ons vriende die beste wat daar is: die prediking van Christus as die enigste Naam tot behoud?”⁴ ✠

¹ Die boek “The colour of water” deur James McBride gee hiervan ‘n lewendige beskrywing.

² Lindsey, Amerikaanse teoloog, het bekendheid verwerf met boeke soos “The late great planet earth” (1972) en “The rapture: truth or consequences” (1983).

³ Oorgeneem en vrylik vertaal uit *De Reformatie*, jaargang 63/17, 23 Januarie 1988.

⁴ Hierdie vraag stel H.R. van de Kamp in *De Reformatie*, jaargang 60/8, 24 November 1984.

Rigters en Esra se tyd terug in die moderne Israel?

J Moes

TEMA: ISRAEL VISIE

Die moderne staat Israel het nog nie baie rus geken in sy 60-jarige bestaan nie. Die Jode/Israeli’s het wel hulle eie staat gevestig, maar die oorspronklike bewoners van die land versuur steeds hulle lewe deur aanslae, terreur en geweld. Dit laat ‘n mens dink aan die tyd van die rigters toe die ou Israel, ongeveer 1 400 jaar voor Christus, hulle vir die eerste keer in die “beloofde” land Kanaän gevestig het. Toe is die Israeliete ook, om verstaanbare redes, geteister deur medebewoners uit die streek, maar is hulle later onderwerp. Ongeveer 900 jaar later, in die tyd van Esra en Nehemia, het die Jode teruggekeer uit ballingskap en hulle vir die tweede keer gevestig in die “beloofde” Judese land tussen vyandige volke. Toe het “apartheid” met die Samaritanen uiteindelik die oplossing gebring.

Dit wil voorkom of hierdie geskiedenis hulle nou weer herhaal. Vir die derde keer het die Jode hulle in die (nog steeds aan hulle “beloofde”?) land gevestig en weer is daar konflikte met die ander bewoners wat hulle verdring het. Wat sal hierdie keer die oplossing wees? Sal dit lei tot onderwerping en inlywing soos in die tyd van die rigters, of tot “apartheid” soos in Esra/Nehemia se tyd, of tot ‘n enkele “reënboognasie” van Jode en Palestyne? En as daar vir die Jode verlossing en vrede kom, is dit dan die Here wat Hom weer oor sy volk ontferm? Kom ons kyk na ‘n paar kenmerke van die moderne Joodse staat.

Die Sionisme

Na die verwoesting van Jerusalem in 70 na Christus deur die Romeinse

generaal (later keiser) Titus het God die Jode verstrooi oor die hele Europa en die Nabye Ooste (die “diaspora”). Die Jode in Europa is Askenasiese (Duitse, Jer. 51:27) Jode genoem en die Jode wat in die lande rondom die Middellandse See gewoon het, is die Sefardiese (Spaanse, Obadja:20) Jode genoem. Die ontstaan van die staat Israel in 1948 is voorberei deur ontwikkelings in die 60 jaar daarvoor. Rondom 1885 het die Sionisme ontstaan, ‘n *nasionalistiese* beweging van Jode in Europa, wat ten doel gehad het om ‘n eie vaderland vir die Jode in Palestina te skep, in die vorm van ‘n moderne Joodse staat.

Kort daarvoor, na die vervolgings (“pogroms”) van die Jode in Rusland (1881/82), het daar ‘n *religieuse*



beweging ontstaan onder die Jode om terug te keer na die land Palestina. Palestina was toe, tot 1918, deel van die Turks-Ottomaanse Ryk. Hierdie strewe is verder versterk ná anti-Joodse betogings in Europa, o.a. in Parys na aanleiding van die Dreyfus-affêre (1895). Die joernalis Theodor Herzl het in 1897 die eerste Sionistiekongres in Basel, Switserland, bymekaar geroep en die Wêreld Sionistiese Organisasie (WZO) gestig. Die doel van die Joods-nasionalistiese WZO was om 'n tuisland vir die Jode in Palestina te skep. Die Sionisme het die Jode getransformeer van passiewe slagoffers van vervolging, verdrukking en diskriminasie tot selfbewuste burgers van 'n eie land, wat in 1948 tot stand gekom het. 'n Ander artikel in hierdie uitgawe van Kompas sal in meer detail op die geskiedenis van die staat Israel ingaan.

Die bevolking van Israel

Die Jode wat die staat Israel gestig het, het bestaan uit Sefardiese en Askenasiese Jode, maar al gou het ook Oosterse Jode uit lande soos Jemen, Irak, Iran en selfs Indië, en later ook Falasha Jode uit Etiopië, by hulle aangesluit. In die dekade na 1948, met vyandighede tussen Israel en die Arabiese lande, het al amper 850 000 Joodse bewoners van Arabiese lande hul land verlaat. Hiervan het 600 000 hulle in Israel gevestig. Na die ineenstorting van die USSR in die 1990's het meer as 'n half miljoen Jode uit Rusland hulle in Israel gevestig. Al hierdie Jode was kultureel en ook religieus vir amper 1 900 jaar van mekaar geskei. Die Joodse bevolking van Israel bestaan dus uit uiteenlopende kulture. Maar verder bestaan die Jode ook uit 'n verskeidenheid van religieuse groepe. Daar is nie-religieuse Sioniste (ongeveer 50% van die bevolking), religieuse Sioniste (30%), Messiaanse Sioniste (5%, soos die "Gush Emunim"-setlaars op die Wes-Oewer) en die ultra-ortodokse nie-Sionistiese Jode (15%).

Die ultra-ortodokse Jode volg streng die Joodse religieuse wette, maar

sonder die offers, want die ou tempel-terrein is nog in die hande van die Moslems (die al-Aqsa moskee staan nou daar). Hierdie Jode keer hulle teen die Sioniste, omdat volgens hulle die weeropbou van die staat Israel deur God moet gebeur. God sal self die Jode uit die verstrooiing en beproewing verlos deur die Messias wat Hy sal stuur. Vir hulle is die Sionistiese strewe 'n sekulêre menslike inspanning, wat teen God se geopenbaarde wil ingaan. Dus ook op religieuse vlak is daar groot verskille tussen die Jode. En dan noem ons nog nie eers die politieke verskille nie.

Messiaanse tyd?

Veral na die Sesdaagse Oorlog van 1967, toe Israel die Wes-Oewer van die Palestyne verower het, het die religieuse Sionisme en Messiaanse Judaïsme weer nuwe impulse gekry. Die verowering van Judea en Samaria het die gebied van die ou Joodse koninkryk, wat God aan Abraham beloof het, weer tot 'n groot mate onder Joodse beheer gebring. Nuwe Joodse nedersettings is op historiese plekke gevestig, o.a. deur die "Gush Emunim"-setlaars. Dit moet, volgens hulle, voorwaar deel wees van die Goddelike verlossing. Die koms van die Joodse Messias is nou beslis op hande. Op grond van hierdie siening is dit dus buite die kwessie, en selfs verraad, as ook maar iets van hierdie "heilige" grond weer teruggegee word aan die Palestyne. Tog sal die meeste (sekulêre) Jode wel bereid wees om grondgebied prys te gee in ruil vir veiligheid.

In die land Israel woon slegs enkele tientalle Jode wat Jesus Christus as die Messias bely.

Palestyne

Die Joodse setlaars het nie in 'n leë land Palestina gekom nie. Daar het voor 1948 ongeveer 1,3 miljoen Palestyne in die land gewoon. Op die oomblik woon daar ongeveer 1 miljoen Palestyne binne die grondgebied van die staat Israel, terwyl ongeveer 2 miljoen op die Wes-Oewer (Judea en Samaria) en in die

Gasastrook woon. Die grootste deel van die Palestyne is Moslems, maar van hulle is ongeveer 175 000 Christen-Palestyne. Die meeste van hulle is Grieks-Ortodoks of Rooms-Katoliek, maar ongeveer 2 500 is protestant. 'n Groot deel van hulle woon in Oos-Jerusalem, Betlehem, Ramallah en Nasaret. Hierdie Christene ondersteun deurgaans die Palestynse stryd teen die Sionistiese beweging, maar tog is daar spanning tussen die Christene en die radikale Moslem-Palestyne.

Dan is daar nog die Palestynse vlugteling in kampe in lande rondom Israel (hoofsaaklik in Libanon, Sirië en Jordanië). Dit is Palestyne en hul afstammeling wat tydens die Israeliese onafhanklikheidsoorlog (van Junie 1946 tot Mei 1948) uit Palestina gevlug het of aangemoedig is om te vertrek. Van die ongeveer 1,3 miljoen Palestyne in 1948 het ongeveer 700 000 na buurlande gevlug, 150 000 het in die nuwe staat Israel gebly en 450 000 het in die Wes-Oewer gewoon. Die 700 000 vlugteling het inmiddels aangegroei tot vier miljoen, waarvan 1,2 miljoen in 59 vlugtelingkampe bly. Die Palestynse vlugteling word tot 'n groot mate versorg deur die VN (UNRWA). Die meeste van hulle hoop om eendag te kan terugkeer na hul tuisland (met of sonder Jode).

Die stigting van die staat Israel het dus baie ellende vir die Palestyne veroorsaak, tot 'n mate deur hulle eie toedoen. Hulle is vir die grootste deel van hul eie land, wat hulle vir duisende jare bewoon het, ontnem.

Spanningsveld

Op die klein grondgebied van die ou Palestina bestaan nou al 'n eeu lank konflikte tussen die Jode en die Palestyne. Die Palestynse Bevrydingsorganisasie en die Fatah-beweging van Yasser Arafat het in 1993 die bestaan van die staat Israel erken. Maar na die verkiesings van Januarie 2006 het die radikale en militante Hamas-beweging die meerderheidsparty van die Palestyne geword. Hulle sal dan ook die hoofparty moet

word vir onderhandelings met Israel. Hul verklaarde beleid is om 'n einde te maak aan die Sionistiese besetting van die hele Palestina en om die Jode te dwing om Palestina weer te verlaat. Ook Imam Achmad Cassiem van Kaapstad verklaar dat die Sionistiese staat weer ontmantel en teruggegee moet word aan die Palestyne.

Westerse regerings probeer nou om die Hamas-beweging te oorreed tot 'n meer gematigde houding. Maar die Iranse regering staan bankvas agter Hamas en steun hulle moreel, finansieel en met wapens. Baie van die ontwikkelde Palestyne verlang egter na vrede en sien voordeel in samewerking met die ontwikkelde en tegnologies gevorderde staat Israel.

Die Israeli's is ook verdeel tussen twee uiterstes. Die een groep wil op militêre gebied die oorhand behou en eerder die Joodse nedersettings in Judea en Samaria versterk en uitbrei. Die ander is die meer sekulêre Jode, wat verkies om tot 'n vredesverdrag met die Palestyne te kom, sodat rus en vrede in die land tot stand kan kom. Dan is daar ook die ultra-ortodokse Jode, wat die hele land weer aan die Palestyne wil teruggee en daarop aandrang dat die Sioniste-beweging ophou bestaan. Daartussen bestaan allerlei variante.

Staatkundige oplossings

Tussen al die uiterstes van kultuur, taal, religie en politiek is dit nie eenvoudig om 'n oplossing te vind wat vir alle partye aanvaarbaar is nie. Die Jode is nou reeds 60 jaar in Palestina gevestig en het 'n sekere mate van verblyfreg. Maar daar is Palestynse politieke partye, soos die Hamas, wat nog steeds aandrang op 'n Palestynse eenheidstaat. Die Jode moet teruggee wat hulle van die Palestyne afgeneem het en weer uit die land padgee, terwyl die Palestynse vlugtelingen na die land kan terugkeer. Selfs al sou demokrasie dan ingestel word, sal die Palestyne in die meerderheid wees.



Die ontwikkelings van die laaste jare dui aan dat 'n oplossing gesoek word in die rigting van 'n splitsing van die ou Palestina in 'n Joodse staat Israel en 'n Palestynse staat. Hierby sou die grense van voor die Sesdaagse Oorlog van 1967 herstel moet word. Die Palestynse staat sou dan bestaan uit Judea, Samaria en die Gasa-strook. Hierdie ontwikkeling word ook versterk omdat baie Arabiese lande inmiddels Israel as 'n selfstandige Joodse staat erken het. 'n Warm patat is hierby die plek van Jerusalem, wat as hoofstad deur altwee state opgeëis word. Maar Jerusalem sou opgedeel kon word in 'n westelike Joodse deel en 'n Palestynse oostelike deel.

Hierdie ontwikkeling lyk voorlopig geregverdig in die lig van die uiterste verskille tussen Jode en Palestyne, waarby ander oplossings waarskynlik tot voortslepende geweld sal lei. Na verloop van tyd sou ekonomiese samewerking tussen die twee state versterk kan word, wat dan weer kan lei tot 'n sterker politieke samewerking, soos gebeur het met die lande van Europa. Vanweë die plofbare situasie verdien hierdie ontwikkelings ons ondersteuning. Die

Jode verdien lof vir hulle prestasies om met nasionalistiese besieling 'n ontwikkelde land op te bou. Maar hulle moet beseft dat jy nie sommer so 'n paar miljoen mense van hul grondgebied kan verdring omdat jou voorouers 2 000 jaar terug daar gewoon het nie. As dit praktyk sou word in die wêreld, sou ons nog heelwat staatkundige veranderings kan beleef!

Tradisioneel het die Westerse wêreld baie simpatie met die Jode, veral na die vervolgings van die Tweede Wêreldoorlog, en hulle sal die staat Israel moreel en politiek bly ondersteun. Ook van Christelike kant is daar deurgaans groot simpatie vir die Israeli's, omdat die totstandkoming van die Joodse staat gesien is as vervulling van Bybelse profesieë, die sorg van God vir 'n oorblyfsel van sy ou verbondsvolk en as die naderende begin van die duisendjarige vredeperk en die eerste wederkoms van die Messias. Ek meen hierdie Christelike siening op die hoofsaaklik sekulêre staat Israel moet met die nodige reserwes en Bybelse nugterheid beoordeel word. Maar dit sou die onderwerp vir 'n aparte artikel wees. ❧

Die missionêre kerk (1)

Ds. PG Boon

RANDOM DIE KERK

In hierdie reeks wil ek graag aandag skenk aan die missionêre karakter van die kerk van Christus. Missionêr, dit wil sê 'n kerk wat in sy wese gestempel is deur die opdrag van die Here Jesus in Matt 28:19: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Hierdie opdrag van ons Heiland vind deesdae in die kerk hande en voete in sending en evangelisasie, meestal beliggaam in 'n kerklike kommissie vir elk.

Die bedoeling van hierdie artikels is om duidelik te maak dat sending en evangelisasie nie slegs stokperdjies van die kerk is nie. Dat dit nie slegs uitgeoefen kan word deur 'n deel van die gemeente wat 'toevallig' lid van die betrokke kommissie is nie. Maar dat sending en evangelisasie behoort tot die *wese* van die kerk. Die kerk van Christus is missionêr. In hierdie reeks maak ek dankbaar gebruik van 'n boek van dr S Paas met die titel *De werkers van het laatste uur*, wat juis hierdie aspek op 'n indrukwekkende manier weer op die agenda van Gereformeerde kerke geplaas het.

Evangelisasie: hoe gebeur dit?

Evangelisasie moet gebaseer wees op feite, nie op fantasie nie. Neem die volgende voorbeeld: 'n Kerk êrens in die land hou elke jaar 'n groot evangelisasie-aksie in die plaaslike winkelsentrum. Vooraf kom almal bymekaar in gebed. Vervolgens vat hulle die pad, gewapen met kitare en liedere. Hulle soek 'n strategiese plek in die winkelsentrum uit en begin entoesiasies te sing, met die hoop dat die publiek bly staan. Ander staan weer gereed om brosjures te versprei en gesprekke met die verbygangers aan te knoop. Kortliks en eenvoudig

probeer hulle die kern van die evangelie oor te dra. As die dag weer verby is, kom die mede-werkers bymekaar, moeg en hees gesing. Sommige vertel opgewonde oor die goeie gesprekke wat hulle gehad het. Daar word gedank en gebed of God die gesprekke wil opvolg, of Hy wil sorg vir die nasorg. Ander is maar 'n bietjie stil. Hulle dink net terug aan al die nee-dankies, al die weggegooide brosjures...

Hierdie is waarskynlik die beeld wat baie Gereformeerde mense van evangelisasie het. Dit gaan oor die uitvoer van besondere aksies. Sing in 'n winkelsentrum, gesprekke voer met vreemdes, huis tot huis brosjures versprei ... Maar, voordat ons dit verhef as dié manier, kom ons vra eers: wat is eintlik die manier hoe mense tot geloof kom? Vir sommige klink hierdie vraag miskien verdag. 'Ons moet net aanhou saai, die Heilige Gees sal sorg dat mense tot geloof kom, maak nie saak watter metode ons gebruik nie.' Vir vele is die ideaalmodel hoe iemand tot geloof moet kom, dit wat Paulus oorgekom het op pad Damaskus toe. 'n Krisismoment, 'n deurbraak loodreg vanuit die hemel tot stand gebring.

Hoewel so 'n benadering oppervlakkig gesien heel Bybels klink, dreig hier die gevaar van – kom ons noem dit – 'n ruimteskipmentaliteit. Hou dit wat ons doen in evangelisasie wel enige verband met die werklikheid? Kom ons neem bogenoemde voorbeeld. As 'n mens dit analiseer, berus dit op die volgende aannames:

- bekering is 'n skielike dramatiese ingrype van God
- 'n winkelsentrum is 'n ideale plek om mense te ontmoet wat tyd het vir 'n dieper gesprek
- die meeste mense weet wel ongeveer wat die evangelie inhoud, ons moet hulle net wakker skud

- mense hou baie van kitaarmusiek
- dit is nie nodig om mense meer as een keer te benader nie, God sal sorg vir die nasorg
- sing is 'n goeie evangelisasie-middel, dit maak mense nuuskierig.

Kyk 'n mens na hierdie aannames, dan is sommige miskien gedeeltelik korrek, maar 'n groot deel van hulle is eenvoudig duidelik foutief. Om eerlik te wees, dit is 'n evangelisasie-praktyk met goeie bedoelings en baie entoesiasme, maar dit vertoon 'n skrynende gebrek aan feitlike kennis.

Om dus te voorkom dat evangelisasie 'n mengeling word van swak teologie, goeie bedoelings en wensdenkery, is dit nodig om 'n visie te ontwikkel wat gevoed word deur gesonde Bybelse beginsels en geënt is op werklike praktykervaring.

Hoe kom mense tot geloof?

Die afgelope dekades is daar 'n paar groot ondersoeke in Europa gedoen rondom die vraag op watter manier mense tot geloof kom. Oor 'n hele aantal jare is gegewens van kerke versamel met betrekking tot hoeveel mense hulle by die kerk gevoeg het, en op watter manier dit gebeur het. Die volgende feite het uit hierdie ondersoeke na vore gekom:

Die oorgrote meerderheid van toetreders tot die kerk kom in kontak met die kerk deur *persoonlike en langdurige kontakte met Christene*. Mense wat hulle by die kerk aansluit, is in hoofsaak bereik deur vriende en in iets mindere mate deur familie. Eggenotes neem 'n besondere plek in. Onderzoek wys uit dat vrywel die enigste evangelisasie-praktyk wat *werk*, is dat kerkmense gestimuleer word om langdurige kontakte met nie-kerklikes aan te gaan.

Dit is *nie so dat mense per definisie op 'n jonger ouderdom bereik moet word* nie. Dikwels heers die indruk dat, omdat jong mense nog plooibaar is, evangelisasie veral op hulle gerig moet wees. Die praktyk wys uit dat baie middeljarige ook die stap neem om hulle lewensrigting te verander en by 'n kerk aan te sluit.

Toetreders tot die kerk beskryf die oorgang wat hulle gemaak het meestal as 'n proses en veel minder as 'n skielike verandering. Waar baie kerkmense die 'ideaalmodel' van Paulus se bekering koester en dink aan georganiseerde massa-evangelisasiebyeenkomste van iemand soos Billy Graham met die gebruikelike 'altar call', blyk in die praktyk veel meer mense deur 'n 'geloofsweg', soos die geval was by Timotheüs, tot geloof te kom. 60 tot 80 % van die toetreders beskryf hulle bekering as 'n geleidelike proses, waarvan die gemiddelde lengte gestrek het tussen 2½ tot 5 jaar. 'n Periode wat uiteraard ook krisismomente en deurbrake geken het, maar soms ook stilstand.

Die weg van geloof begin by die meeste toetreders *nie met 'n besef van sonde en skuld* nie. In die Gereformeerde tradisie heers 'n sterk oortuiging dat iemand eers vir 'n bepaalde tyd gebuk moet gaan onder skuld, wroeging en berou, voordat hy bevry word deur die krag van die evangelie. Maar in die praktyk werk dit byna nooit so nie. Laat ons duidelik wees, skuld en 'n besef van eie onwaardigheid is 'n onmisbare kenmerk van 'n gelowige. Maar dit is die vraag of ons buite Christus om kan praat van sondekennis. Uit die ervaring van toetreders blyk dat hulle wel deeglik hulle sonde en skuld leer sien het, maar dit het vrywel altyd eers gebeur nadat hulle Christus leer ken het. In die eerste plek is daar nie soseer sprake van 'n skuldbesef nie, maar eerder van 'n besef van geborgenheid by God. Skuldbesef begin eers te groei binne die Christelike gemeenskap onder die Woordbediening. Mense kom deurgaans nie tot besef van skuld as aan hulle die middele onthou word nie.

Sommige toetreders maak *besondere ervarings* mee op hulle pad na geloof en kerk. Party toetreders praat van drome, visioene en wondertekens. Dit is bekend dat veral moslems dergelyke ervarings ondergaan. Kerke moet sulke ervarings nie sommer afwys nie, maar dit ernstig opneem.



Die Christelike gemeenskap is onmisbaar vir toetreders. Werklike verdieping en geloofsgroei vind nie plaas sonder *kontak met 'n Christelike gemeenskap* nie. Evangelisasievorme wat nie ingebed is in die Christelike gemeenskap nie, maar onafhanklik opereer, is dus tot mislukking gedoem.

Kursusse blyk dikwels van groot waarde vir toetreders te wees. Kursusse hou in dat 'n toetredingsproses dan ook 'n hele periode in beslag neem. Daar moet ruim tyd bestee word aan goeie onderwys en gemeenskapsvorming.

Baie toetreders het behoefte aan *persoonlike begeleiding*. Verally vir mense wat totaal los van geloof en kerk geleef het, kan 'n bekeringsproses sosiale probleme teweegbring. In hierdie verband is daar 'n groot behoefte om 'n soort vertrouenspersoon te hê waarmee dinge deurgepraat kan word.

Die *rol van die predikant of voorganger* is baie belangrik vir toetreders. Die predikant neem 'n prominente posisie in, met name in die eredienste. In dié sin funksioneer hy as 'n soort identifikasiefiguur. Die rol van die predikant geld in die eerste plek wat betref sy houding. 'Gelukkig blyk hy ook maar 'n gewone mens te wees' is 'n tiperende reaksie van baie toetreders. In die tweede plek is dit 'n feit dat soekende mense nie na 'n kerkdienst kom om bv. na die musiek te luister nie, maar om verally te hoor 'wat hier gesê word'.

Toetreders ondervind meestal probleme met verdere groei in die gemeente en kerklike lewe. Toetreders kies vir hulle besef meestal

nie vir 'n kerkverband nie, maar vir 'n *plaaslike kerk*. Hulle sal die kerkverband op 'n ander manier ervaar as iemand wat kerklik opgevoed is. Hulle het die neiging om sterk te heg aan die persoon wat hulle intensief begelei het (bv. die predikant). Wanneer die toetreders verhuis, of wanneer sy 'geestelike ouer' vertrek, is die risiko groot dat die band met die kerk verslap, of dat hy sommer na 'n ander kerk oorstap.

Baie toetreders word, aan die ander kant, gekonfronteer met 'n *gebrek aan geestelike lewe in die gemeente*. Wanneer hulle hul plekkie in die gemeente begin inneem, kom hulle agter dat daar eintlik glad nie soveel verskil is tussen kerkmense en ander mense nie. Hulle sal agterkom dat kerkmense dikwels glad nie lus is om oor die Here Jesus te praat nie. Verally by nuwe toetreders kan soortgelyke geestelike oppervlakkigheid lei tot 'n groot ontugtering en moontlik tot 'n vinnige vertrek.

Om al bogenoemde punte saam te vat, kan ons m.b.t. die proses waardeer mense tot geloof kom, wys op die volgende vier trefwoorde:

Tyd: Die weg na geloof en kerk is langer as wat meestal geskat word.

Onderwys: Mense word nie oornag Christene nie. 'n Kerk wat slegs aandag skenk aan 'proklamasie' en geen tyd neem vir geduldige onderwys nie, sal weinig toetreders verwelkom.

Selvkritiek: Kerke moet daarvoor oopstaan dat die Heilige Gees juis deur toetreders ook iets vir hulle wil leer.

Gemeenskap: Geloofsonderrig aan toetreders in isolasie van die gemeenskap hou nie stand nie. Gemeenskap is 'n oer-Christelike gegewe, wat in homself werwend is.

Kerk en koninkryk

Wat gebeur wanneer 'n mens tot Christus kom? Die Bybel gebruik 'n veelvoud aan beelde om dit te omskryf:

- 'n mens word uit die dood opgewek tot 'n nuwe lewe,

- 'n mens ontwaak uit 'n diepe slaap,
- hy word uit die duisternis tot God se lig geroep,
- hy word aangeneem in God se gesin, hy doen intrede in 'n nuwe verbond,
- hy word deel van die liggaam van Christus,
- hy word gered van sy sonde,
- hy word ingelyf in God se koninkryk, ens.

Uit al hierdie beelde wil ek veral daarop wys dat die nadruk nie lê op die feit dat iemand toetree tot 'n kerklike organisasie nie. Die aandag

word gevestig op wat God doen in Christus. In dié sin moet ons geloof en bekering van toetreders nie versmal tot 'n antroposentriese horison asof iemand hom bloot by die kerk voeg nie. Kerke wat toetreders verwelkom, moet goed hul eie posisie in God se heilsplan besef. Dis nie die instituut wat in die middelpunt staan nie. As iemand hom tot Christus bekeer, weergalm die heelal van hemelse vreugde oor God se heerskappy wat nou in nog 'n menselewe erken word. In dié sin is die funksie van die kerk dat dit 'n deurgang is na God se koninkryk. Die kerk is nie die eind-

punt nie, maar die koninkryk. Die kerk staan in diens van God se koninkryk. Die heilsplan is daarop gerig dat die koninkryk ook op aarde gevestig sal word, dat dit in sy volle glorie openbaar sal word op die jongste dag!

In die volgende artikel wil ek aandag bestee aan hoe sending en evangelisasie gewortel is in die Skrif, sowel in die Ou as in die Nuwe Testament.

N.a.v. S Paas: "De werkers van het laatste uur. De inwijding van nieuwkomers in het Christelijk geloof en in de Christelijke gemeente." (Zoetermeer 2003) ✠

Die boek Jona

Ds. CF Nicholson

VENSTER OP DIE BYBEL

AGTERGROND

Die profeet Jona tree op gedurende die regering van Jerobeam II (784–753 v.C.) oor Israel (die noordelike Tienstammeryk). Jona se verhaal speel af teen die agtergrond van Assirië wat in dié tyd die magtigste wêreldmoondheid was. Assirië se belangrikste stad was Ninevé, aan die Tigrisrivier, ongeveer 700 km noordoos van Israel. Die stad was van vroeg af reeds 'n Assiriese koninklike stad, maar word tydens die latere bewind van Sanherib (705–681 v.C.) die amptelike hoofstad. Sanherib se kleinseun Assurbanipal (669–627 v.C.) het 'n baie groot biblioteek daar tot stand gebring. Die stad is deur die Meders, Babiloniërs en Skitiërs in 612 v.C. (± 160 jaar na Jona se optrede) verwoes en is nooit herbou nie.

In die verhaal van Jona word slegs twee persone by name genoem. Dit is die HERE (JAHWE) en Jona self. Die geadresseerdes van die boek is die Joodse volk en daarna natuurlik al God se kinders deur die loop van die geskiedenis.

Die boek verskil van die ander profetiese boeke deurdat dit die verhaal van God se handeling met 'n profeet vertel. Dit fokus dus nie op 'n

profesie of op omvattende boodskappe aan die volk en volkere nie. Jona se boodskap aan Ninevé word kort saamgevat in Jona 3:4 - "Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes. "Dit is ironies dat die Assiriërs ongeveer 50 jaar na Jona se optrede Samaria, die hoofstad van Israel, sou verwoes (in 722 v.C.).

Verdeling

Die verhaal van Jona kan in twee hoofde verdeel word.

A. Jona ontvlug sy roeping en taak (1:1–2:10)

Jona was 'n onwillige profeet wat die opdrag wat hy van die HERE ontvang het, nie wou uitvoer nie. Hy probeer om sy opdrag te vermy deur in 'n ander koers te vlug. Die Here gryp egter op 'n wonderbaarlike wyse in die lewe van Jona in. Jona ontvang weer sy opdrag nadat God hom op die regte pad teruggebring het.

B. Jona voer sy opdrag teensinnig uit (3:1–4:11)

Wanneer Jona 'n tweede maal God se opdrag ontvang, lyk dit asof hy wel die taak deurvoer en gehoorsaam is. Tog doen hy dit teen sy sin en hy word baie kwaad as God die stad Ninevé nie straf nie, maar spaar.

Deur 'n reeks wondergebeure kom Jona uiteindelik tot die insig dat God soewerein is.

Oorsig

Ons lees in Jona 1:2 dat die HERE se woord tot Jona gekom het om teen die groot stad Ninevé te gaan preek: "want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig". Ook vandag nog is daar baie stede regoor die wêreld wat net soos Ninevé vol van "boosheid" is. Sake soos armoede en groot nood in baie stede word vererger deur werkloosheid, korrupsie, mishandeling van vroue en kinders, moord en selfs terrorisme. Hierdie toedrag van sake laat die gelowige kinders van God al hoe meer besef dat dit noodsaaklik is dat God sal intree.

Jona het so 'n taak gehad, waarin hy die sondes van 'n groot stad van sy tyd moes gaan aanspreek. Die Assiriërs was vreesloos, ongenadig en wreed in hul optrede teenoor ander volkere. Dit het meegebring dat die volkere die Assiriërs gehaat het. Daarom kan 'n mens begryp dat, toe die Here vir Jona sê om na Assirië toe te gaan en die mense daar tot berou en bekering te lei, hy nie vir hierdie opdrag kans gesien het nie. Volgens Jona het die Assiriërs geen genade verdien nie. Jona het geweet dat God hulle kon vergewe as hulle hul sou bekeer en berou oor hulle sonde sou hê.

Jona was bewus daarvan dat God se boodskappe mense se lewens kan verander. So sou sou hulle dan God se oordeel vryspring. Dit was egter nie deel van Jona se plan nie. Hy wou nie hê dat die Assiriërs, vir wie hy en sy volk so gehaat het, begenadig word nie. Hy vlug dus weg van sy verantwoordelikhede. Maar wanneer hy dan uiteindelik sy boodskap aan Ninevé gaan oordra, dan bekeer hulle hulself en word sodoende van die oordeel gered.

Jona word kwaad daarvoor en kla by die Here: "...ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goeder-tierenheid, en Een wat berou het oor die onheil." (4:2). Jona wil sy rug op die HERE draai en hy wil nie met God praat nie. God bring derhalwe rampe oor Jona en dwing hom sodoende tot 'n gesprek met God. God vra ten slotte 'n baie kritiese vraag aan Jona om hom te laat nadink oor sy houding. God sê aan Jona: "Maar Ek mag Ninevé, die groot stad, nie spaar nie waarin meer as honderd-en-twintigduisend mense is wat die onderskeid tussen hulle regter- en hulle linkerhand nie weet nie, en baie vee?" (4:11). Jona se eie belang, selfsugtigheid en onvergewensgesindheid word deur God aan die lig gebring. Jona self kort dus ook bekering waarin hy God se genade en liefde teenoor

alle volkere moet raaksien. Daarby het God ook 'n hart vir die res van sy skepping; dit is die vee en ander dierelewe.

Hooftemas

Die tema van die boek word die beste saamgevat in die gebed van die matrose: "U is die Here, U doen wat U wil." (1:14, nuwe vertaling). Uit hierdie belydenis blyk die almag en die vrymag van God baie duidelik. Dit word op drie vlakke geïllustreer.

Die eerste vlak van God se vrye mag word op die vlak van God se verhouding met sy verbondsvolk gedemonstreer. 'n Toegewyde nasionalistiese profeet van Israel word gestuur na sy volk se grootste vyand, die Assiriërs. Met God se vraag in 4:11 word aangetoon dat God sy barmhartigheid wil betoon aan sy hele skepping.

Die tweede vlak waarop God se mag getoon word hou verband met Jona se roeping. Hier word aangetoon dat die profeet in diens van God se Woord staan en dat slegs God die Beskikker van daardie Woord is. As mense hulle bekeer in antwoord op die verkondiging van God se Woord, dan is God vrymagtig om vergifnis te skenk aan diegene wat glo. In die uitvoering van die profetiese taak gaan dit dus nie om die profeet nie, maar om die bereiking van God se doel.

Op die derde vlak gaan dit om God se vrymag in die persoonlike verhouding tussen Hom en die profeet. Die profeet as mens, as gelowige, moet ook God se beskikking oor sy eie lewe aanvaar. God is in beheer van elke individu se lewe, of ons dit wil erken of nie. Vir die gelowige bied hierdie kennis baie troos.

Boodskap

God se soewereiniteit


Jona het geweet dat God soewerein is en daarom gesag oor alle aspekte van die menslike lewe en bestaan het. Hierdie heerskappy sluit die skepping, asook die lotgevalle van mense en nasies in. Alhoewel Jona hiervan bewus is, probeer hy om van sy opdrag en verantwoordelikhede weg te kom. Maar God demonstreer sy almag en beheer oor die natuur en oor die mens wanneer Hy die stormagtige see en die groot vis beskik om Jona tog sy opdrag te laat uitvoer.

God se boodskap aan die hele wêreld

God het vir Jona 'n opdrag gegee. Hy moes 'n boodskap aan die mense van Ninevé gaan oordra. Jona het met teensin en ongehoorsaamheid op sy opdrag gereageer. Die boek Jona leer ons dat die Here alleen oor sy Woord beskik en dat mense slegs die draers van die boodskap is. Deur Jona het Hy die volk Israel daaraan herinner dat hulle 'n verantwoordelikhede het om daardie boodskap deur te gee, selfs al sou hulle nie van die volkere rondom hulle hou nie.

Berou en bekering

Daar was 'n enorme reaksie op die boodskap van God wat Jona moes bring. Die inwoners van Ninevé het berou gehad en hulle tot God bekeer. Die boodskap was terselfdertyd ook 'n teregwyding aan die Israeliete, wat gedink het dat hulle beter as die Assiriërs was. So moes die volk Israel leer dat God almal wat hulle met ware berou tot Hom bekeer, sal vergewe. God verlang elke mens se opregte liefde en aanbidding. As ons wel ongehoorsaam is, dan moet ons die Here vra om ons sondes te vergewe en van ons weg te neem. As



ons nie berou het nie, is dit net so goed as om in die sonde te volhard.

God se genade

God se boodskap van liefde en vergifnis was nie net vir die Jode nie. Die HERE is begaan oor almal. Die heidense Assiriërs het nie God se vergifnis verdien of daarom gevra nie, maar Hy het hulle lewens gespaar omdat hulle berou gehad het. Hy het ook nie vir Jona verwerp omdat hy gevlug het nie. Die Here tree met oneindige geduld en liefde teenoor mense en volkere op.

Gevolgtrekkings

Die boek Jona beteken vir die kerk van vandag baie. Naas die sendings-opdrag, dra die boek ook baie persoonlike waarde. Soos Jona is baie

van ons ook geneig om die wêreld en ander mense vanuit ons eie bevooroordeelde perspektief te beoordeel. Die verhaal van Jona gee ons 'n ander perspektief. Dit is God se perspektief waarin ons leer van 'n Skepper en 'n Vader wat oor sy skepsels besorg is en hulle met sy genade wil omvou.

Ons leer uit die boek Jona om God se opdragte pligsgetrou uit te voer, al is dit dinge wat soms volgens ons oordeel en gevoel nie vir ons reg lyk nie. Die Here het ons almal lief, selfs wanneer ons nie daarin slaag om aan sy eise te voldoen nie. Hy het egter ook ánder mense lief en dit sluit mense van ander rasse, kulture en geloofsoortuigings in. Daar is egter 'n voorwaarde aan God se liefde

gekoppel en dit is dat mense hulle moet bekeer tot God en om vir God lief te hê. Dit leer Johannes 3:16 ook vir ons. God het die wêreld so lief gehad dat hy sy Seun gegee het. Ons moet in die Seun van God glo, want deur dit te doen, verkry ons die ewige lewe.

Ons as gelowige kinders van God en as kerk van Christus moet dus gehoorsaamheid leer uit die verhaal van dié ongehoorsame profeet. Ons moet aan God gehoorsaam wees en ons take waarvoor Hy ons roep, uitvoer op alle terreine van die lewe. Kom ons erken die soewereiniteit van God oor ons lewe en is bereid om die boodskap van 'n liefdevolle en besorgde Vader by 'n verlore wêreld uit te bring. ✠



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Prof J HELBERG: Die Psalms ... my gebede. Oorwin die spanning met jou medemens, jouself en God. Om werklik te bid, moet 'n mens eers luister. As 'n mens goed na die Psalms luister en hulle deel van jou gemoed maak, dan word die Psalms vir jou gebede, en jou gebede word psalms: liedere waarin jy jou hart oopmaak voor God.'

Prof Helberg is emeritus-professor in Ou-Testament in die Fakulteit Teologie, Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus). 67 ble, R82

Ds Henk ten Brinke en prof Hans Maris e.a.: Meer dan genoeg. Het verlangen naar meer

van de Geest. Die skrywers gee helder weer hoe ons mag verlang na 'meer van die Gees'. Wat is geestes-gawes, wat is praat in tonge, wat hou gebedsgenesing in? Hoe word Romeine 6,7, en 8 verklaar? 'n Baie insiggewende boek oor 'n belangrike onderwerp. 168 ble, R145

Burlington Reformed Study

Centre gee 'n boek uit oor 'Work and Leisure in the life of a Christian'. Redaksielede is Cornelis van Dam en Kristen Kottelenberg Alkema. 'What defines leisure time? What is a responsible Christian approach to using opportunities for leisure? Is God's idea of rest the same as that of the culture in which we live? How should Christians respond to the challenges of a very competitive

world where companies ask more and more of their employees so that family time and opportunities to serve the local church are punt under considerable stress? How should one prioritize?'

Interessante vrae! Hierdie boek probeer Bybelgefundeerde antwoorde gee. 75 ble vir R85

Ds Clarence Stam: Everything in Christ. The Christian faith outlined according to the Belgic confession.

This is a book which in out line form intends to explain the Christian faith, as summarized in the 27 articles of the Belgic Confession, written by Guido de Brès in 1561. 152 ble, R65

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad

Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 - 948 5883

Pretoria

Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 - 333 8064



Kerk en Nasionale Owerheid: - tyd vir 'n ander aanpak

J Moes

KLIP IN DIE BOS

Gereformeerde kerke erken dat hulle die taak het om te skakel met die burgerlike owerheid. Dit betref dan onder andere die toesien op die owerheid, sodat die wette van die land en die uitvoering daarvan in lyn is met die wil van God. Want nie net die kerk nie, maar ook die owerhede staan onder die universele wet van God en onder die gesag van Christus, of hulle dit erken al dan nie. Die kerk, aan wie die Woord van God toevertrou is, moet toesien op die owerheid en hulle bewus maak van die norme wat God vir die openbare lewe stel. Dit betref die owerheid se optrede self (bv. korrupsie) sowel as sy gesag oor die burgers van die land (bv. wette oor sedeloosheid). Op die oomblik word die verhouding tussen die VGKSA en die nasionale owerheid onderhou deur Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid, wat deur die sinode aangestel word. Na my mening is die huidige opset en manier van kontak heeltemal ondoeltreffend. Graag verduidelik ek my standpunt, sodat ons saam verder kan nadink oor 'n meer doeltreffende manier van kerklike kontak met die owerheid.

Alle mag in die hemel en op die aarde is deur God aan Christus gegee, nadat hy opgevaar het na die hemel (Mattheüs 28:18). Hierdie gesag geld nie net oor die gelowiges nie, maar oor alle mense, ook oor die ongelowiges. Die kerk is die versameling van gelowiges binne die samelewing. Volgens die gereformeerde opvatting (NGB art. 36) moet daar 'n burgerlike regeer-owerheid wees wat gesag dra oor alle burgers, gelowiges en ongelowiges. Hierdie opvatting staan teenoor dié van die Rooms-Katolieke Kerk, waar die hoogste gesag van die kerk (die pous) ook wêreldlike gesag het (die Vati-

kaan), en van die Wederdopers, wat burgerlike owerhede verwerp. Die kerk het die opdrag om die Woord van God uit te dra in die wêreld, na individuele burgers sowel as na die bestuurs- en gesagsorgane in die samelewing. Die manier waarop gereformeerde kerke die Woord van God aan die nasionale owerheid oordra, gebeur deur Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid (DKO). Dieselfde taak teenoor laer owerhede (provinsies, munisipaliteite en stadsrade) val onder die direkte verantwoordelikheid van plaaslike kerke.

Een van die opdragte aan DKO is om toe te sien op die nasionale regering en hulle bewus te maak van God se norme in geval van beoogde wetgewing, besonderlik as dit teen die Woord van God ingaan of die Woordbediening in gedrang bring. As dit opgemerk word, sal DKO 'n brief aan die staatspresident of die betrokke minister skryf om die kerk se siening aan hom/haar oor te dra. Na my mening is die bedoeling nie net dat die kerk getuienis sal lewer nie (volgens die letterlike opdrag aan DKO), maar die hoop bestaan ook dat die Bybelse gesag en Christelike argumentasie positiewe effek sal hê op die betreffende wetgewing. Hierby moet opgemerk word dat gereformeerdes deurgaans ook die siening huldig dat gereformeerde lidmate hulle as burgers moet beywer vir die toepassing van gereformeerde beginsels in die politiek, deur middel van 'n Christelike politieke party.

In vandag se praktyk van die verhouding tussen kerk en staat in Suid-Afrika, waarby die huidige regering homself beskou as religieus neutraal (!), kom ons agter dat die regering nie meer luister na individuele



kerke of kerkfederasies nie. Die ontvangs van briewe, wat deur kerkverbande soos die VGKSA gestuur word, word selfs nie eers meer erken nie en verdwyn waarskynlik regstreeks in die snippermandjie. Die owerheid luister blykbaar slegs na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), as die gesamentlike spreekbuis van alle Christelike kerke in Suid-Afrika (wat geag word om die godsdienstigheid van 80% van SA se bevolking te verteenwoordig).

Dit is natuurlik die verantwoordelikheid van die owerheid om te luister na adviese al dan nie. Maar kerke en deputate wat sulke moeite doen, sou graag sien dat hul stem wel deurdring tot die betreffende en verantwoordelike owerheidspersone. Die GKSA het tot nou toe dieselfde tradisionele benadering gevolg as die VGKSA, deur Deputate KO. Op hul onlangse sinode van Januarie 2006 het die GKSA egter besluit om aan te sluit by die SARK, omdat hul stem na die owerheid, volgens hulle verwagting, deur die kanale van die SARK beter gehoor sal word.

Die VGKSA moet ook besin oor die beste benadering vir effektiewe kontak met die owerheid. Een van die volgende benaderings kan vir die nabye toekoms gevolg word, byvoorbeeld totdat die standpunt van die nasionale owerheid ten opsigte van die gesag van die Bybel en hul verhouding tot kerke verander het.

1. Ons kan die huidige benadering van DKO handhaaf, met die gedagte dat die verantwoordelikheid van die kerke ophou by die gee van 'n getuienis. Dit is al wat God van ons as kerke vra. As meer nodig is, dan is dit die taak van kerklidmate deur middel van 'n politieke party. Na my

mening is die huidige taak vir DKO “pêrels vir die varke gooi”, omdat die adviese nie verder reik as die sekretaris/esse en die snippermandjie nie. Ek meen dat ons as kerke beslis die verantwoordelikheid het om te streef na ‘n so groot moontlike impak van die Christelike geloof op die wetgewing van die land.

2. Ons kan die voorbeeld van die GKSA volg deur aan te sluit by die SARK en die gereformeerde insette na die owerheid toe versterk. Die (ydele?) hoop is dan dat eerstens die SARK-lede sal luister na die gereformeerde stem binne hulle geledere en tweedens dat die standpunt dan wel deur die owerheid in rekening gebring sal word by wetgewing. Die komende jare met die GKSA se insette behoort ‘n goeie aanduiding te gee of hierdie benadering inderdaad meer effektief is, maar ek is skepties daarvoor.

3. Ons kan ‘n eie benadering ontwikkel buite die SARK om en met ‘n verwagte groter doeltreffendheid as die huidige. Ons moet hierby onthou dat die nasionale regering (slegs) die “uitvoerende mag” van die owerheid is. Die “wetgewende gesag” berus by die parlement (en die “regterlike mag”, as die derde been van die owerheid, berus by die Hooggeregshof). As kerke dus effektief invloed wil uitoefen op die totstandkoming van wette, dan moet hulle by die betreffende parlementêre komitee wees. In der waarheid het die NGK vir hierdie doel reeds ‘n kantoor by die parlement en het die GKSA besluit om hierdie kantoor met van hulle deputate te versterk.

4. Ons kan deur die dagblaai en moontlik ander media probeer om kommentaar te lewer op aksies van die owerheid, om te probeer om die publiek se mening oor sake rigting te gee. Omdat die owerheid erken dat

hulle die volkswil moet weerspieël (want die volk regeer = demokrasie), sou hulle in beginsel moet luister na wat in die openbare pers oor hulle en vir hulle gesê word. Ek meen dat hierdie metode inderdaad goed kan wees en bemoedigend kan werk vir ander gelowiges buite ons kerke. Maar die doeltreffendheid ten opsigte van die owerheid sal na my mening beperk wees.

My voorstel, in lyn met die opdrag (Art. 39.9.c.2) van die 2005-sinode aan DKO, is dat ons begin nadink oor doeltreffende maniere om wetgewing en owerheidsoptrede vanuit ‘n Christelike perspektief te probeer beïnvloed. Ek stel voor dat bostaande punte 3 en 4 hierby as uitgangspunt geneem word. Formele of informele samewerking tussen ons deputate en die betreffende deputate van die GKSA sal hierby van nut wees. Ander lesers se mening oor hierdie gedagtes word verwelkom. ✘

Hoe het pelgrims plesier? (II)

Dr ND Kloosterman

LEER EN LEWE

In die vorige artikel het ons gekyk hoe ‘n Christen hom in die wêreld kan tuisvoel, en tog ‘n Christen kan bly. Ons het gesien dat die rol van danksegging aan die Here ‘n groot rol speel in die vorming van morele en etiese waardes. Kom ons kyk na twee ander aspekte wat ons in ons soeke na ontspanning nie moet vergeet nie.

Verm y die gif van abstraksie

Hier word bedoel dat ons nie net een kultuuritem uit sy konteks kan onttrek vir ‘n analise met die Bybel in die hand nie. Dit beteken nie dat ons nie ons kultuur kan analiseer met die Bybel in die hand nie, maar eerder dat ons nie van sy kulturele inhoud, funksie en plek ‘n bepaalde element of verskynsel kan isoleer nie. Ons kan as voorbeeld neem: Wat sê die Bybel oor “kitsmaaltye”? Ons sal weinig bereik deur die konkordansie te

gebruik en ‘n studie oor “maaltye” te doen. Ons moet die rol van motorvoertuie en snelweë in die moderne samelewing analiseer; ons moet iets weet van die moderne standpunte oor tyd en gerief; en ons moet regtig dink aan die druk wat verlig word deur kitskosrestaurante en mikrogolfkookkuns. Bybelse leringe oor tyd en rentmeesterskap sal ons nog verder bring, want nou inkorporeer ons die een element in ‘n kulturele matriks.

Rolprente kan ook as voorbeeld geneem word. ‘n Jongmens gaan kyk na ‘n sekere rolprent. Dit beteken dat ‘n sekere jongmens, met sy of haar emosionele, intellektuele en godsdienstige vermoëns, gaan kyk na ‘n sekere rolprent wat ‘n spesifieke wêreldstandpunt oordra wat geëvalueer kan word deur objektiewe standarde van waarheid en skoon-

heid in terme van sy morele, ekonomiese, politieke en kulturele boodskap. Die gif van abstraksie behoort aan ‘n kulturele analisepatroon wat al te bekend geraak het. ‘n Voorbeeld is bv. ‘n studie oor die toelaatbaarheid van dans, sonder dat die inhoud van “rock”musiek in berekening geneem is. Ontwikkelinge in die popkultuur en die vermaaklikheidswêreld word in ‘n neutrale lig beskou, en geëvalueer losstaande van die oorspronklike doel daarvan. Min aandag word geskenk aan die “boodskap” wat deur die medium uitgedra word, of aan die waardes van ‘n sekulêre wêrelduitkyk wat verkondig word.

Sulke abstraksies is gevaarlik omdat niks “as sulks” en “op sy eie” kan bestaan nie. Wat hiermee bedoel word is dit: TV “as sulks” bestaan nie, dus kan ons nie ‘n morele veroordeling van TV “as sulks” uitspreek nie. ‘n Rolprent op sy eie is niksbeduidend. Kulturele produkte kom altyd met ‘n inhoud, omsluit waardes, lewer pleidooie, dra boodskappe oor. Evaluering van kulturele produkte

moet dus hierdie hele inhoud in behandeling neem.

Die toerusting van ons jeug deur begeleide konfrontasie met kultuur

Die probleem waarmee ons te doen het in terme van wat die popkultuur aan ons voorhou, is soortgelyk aan die wat voorkom in die Christelike klaskamer as onderwysers studente bekendstel aan sekere boeke wat 'n onchristelike, of selfs anti-Christelike, uitkyk en boodskap bring. Die vraag kan gestel word: Is daar geen gevaar daarin om die wêreld in die skool in te bring, deur studente toe te laat om sulke literatuur te lees nie? Is daar geen gevaar daarin om die wêreld in ons huis in te bring d.m.v. die TV nie? Ja, daar is 'n gevaar. Maar daar is ook die moontlikheid vir studente in die skool, en kinders by die huis, om te leer hoe om op 'n Bybelse wyse interaksie te hê met die kultuur van die moderne wêreld. En die geleentheid ontstaan deur "begeleide konfrontasie".

Met begeleide konfrontasie word daar verwys na onderwysers wat studente begelei in hul konfrontasie met tekste of beelde wat in stryd is met hul eie Bybelsgevormde wêrelduitkyk. Die konfrontasie van studente met dele van die lewe wat geëvalueer word in terme van Bybelse beginsels en 'n Christelike uitkyk, moet van so 'n aard wees dat, in terme van die moderne kultuur, die antitese sigbaar is en dat die oorwinnende, vrymakende krag van die waarheid, gedemonstreer word. So 'n vormende, begeleide konfrontasie is 'n seën in die hedendaagse tyd, waar ons kinders en jongmense baie druk en ondervindings ervaar wat ons as ouers en grootouers nooit beleef het nie.

Hierdie begeleide konfrontasie moet dan ook eerlik handel met kulturele uitdrukkings wat meer as die derde of die sewende gebod, oortree. Daar is baie vorme van godslastering en sedeloosheid wat uit meer as drieletter woorde bestaan. Daar is verskillende soorte ontrouheid wat net so sondig is as seksuele promiskuiteit. Boeke en rolprente wat 'n nie-Christelike boodskap oordra is soos 'n aspirientablet. Die tablette is goed vir sommige dinge. Sommige nie-Christelike skrywers kan die taal baie goed gebruik en hul werke weerspieël die moderne lewe, selfs moderne, leë lewe. Maar aspirientablette wat goed is vir "iets", kan ook dodelik wees as dit deur klein kinders ingeneem word, of as groot kinders nie die gebruiksaanwysings lees nie. Die dosisvlak van begeleide konfrontasie is ook belangrik. Kinders benodig nie baie nie, studente kan meer hanteer. Maar in enige dosis, is die doel om ons kinders en jongmense te bewapen vir die stryd daarbuite, ook bekend as die Christelike lewe.

Ons jeug het begeleide konfrontasie nodig wat aan twee vereistes voldoen. Eerstens moet hulle geleer word om die boodskap wat deur die popkultuur oorgedra word, te onderskei en te identifiseer. (Lees die verhaal en waarskuwing in Spreuke 7:1-23). Hoekom benodig ons begeleide konfrontasie met die boodskappe van die popkultuur? Vir die eenvoudige rede dat ons jeug baie kinderlik en onskuldig is en ons hierdie naïewe, onvoorbereide jeug verloor aan die "prostitute" van moderniteit.

'n Tweede, net so belangrike funksie van begeleide konfrontasie, is die toerusting van ons jeug met die krag

en die antwoord van die evangelie. Die popkultuur skree: "Self!"; en die evangelie antwoord: diens. Die popkultuur sing: "Nou!"; die evangelie sê: later. Die popkultuur fluister: "Geniet!" en die evangelie antwoord: gehoorsaam.

Daar moet benadruk word dat beide funksies van begeleide konfrontasie noodsaaklik is, selfs in korrelasie is. Sonder dat die boodskappe van die moderne kultuur verduidelik word, is die evangelie van Jesus Christus van geen betekenis vir die daaglikse lewenswyse nie. Sonder toerusting met die antwoorde en krag van God se Woord, is die evangelie nutteloos vir ons daaglikse lewe.

Ons mag miskien huiwer om hierdie benadering te volg, weens die probleme wat in Noord-Amerika ondervind is, waar godsdienstige, kulturele konfrontasie toegegee het aan kulturele skikking. Dit wil voorkom asof dit, wat begin het as antitetiese konfrontasie van die moderne kultuur gewapen met 'n Bybelse wêrelduitkyk, muteer het in 'n volledige oorgawe aan die moderne kultuur. Daar is 'n radikale verandering van die reëls van kulturele verbintenis, in die evangeliese leer vandag. Pleurisme is die wagwoord; toegang tot die publieke plein, is die prys: die respek van intellektuele gelykes, is die pad na "invloed".

Die skrywer reken egter dat die verleidelike aantrekkingskrag van die media beperk kan word, indien nie ontwapen nie, deur die demitologisering van die media en die popkultuur. Eerder as om ons kritiek te beperk tot die misbruik van seks, geweld en sedeloosheid in die pop-



Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:

April 2006:	Paasfees
Mei 2006:	Probleemkind?
Junie 2006:	Rouwerwerking

kultuur, moet ons die gees van die moderne samelewing ontbloot en ook die manier waarop die populêre kultuur dit verkoop. Meeste gelowiges is nie toegerus om die wyses en boodskappe van die populêre kultuur te analiseer en te evalueer met 'n Christelike wêrelduitkyk nie. Ons moet begin deur die vlak van doktrinale geletterdheid in die kerk te verhoog, om in kerklidmate hierdie Christelike wêrelduitkyk op te bou en om dan hierdie wêrelduitkyk toe te pas op sake van die hedendaagse kultuur. Ons as predikers, ouers en onderwysers moet ophou kla oor mededinging wat ons kry van die popkultuur, die mededinging vir die hart en verstand van ons jeug. Laat ons hulle hart en verstand vul met 'n beeld van die Christelike lewe in die hedendaagse samelewing wat antitiesies is, maar terselfdertyd ook heerlik. Adresseer vanaf die preekstoel en in die klaskamer, wat dit beteken om in die televisie-era te leef.

Gevolgtrekking

Christene woon saam met nie-Christene in 'n altyd-veranderende kultuur, maar hulle behoort aan 'n ander wêreld, die koninkryk wat kom. Dit beteken dat Christene aan die een kant moet leer om die afstand tussen hulself en nie-Christene aan te voel, terwyl hulle aan die anderkant moet leer om hul daaglikse deelname met nie-Christene in die gedeelde werklikhede van kultuur, te verstaan.

As 'n inwoner van twee wêreldes, sal die gelowige nooit ongehinderde genot ervaar nie. Die sleur en las van werk sal daar wees, as die speelgoed weer weggepak is. Maar die heerlike werklikheid vir Christene is dat, selfs in hul ontspanning, selfs terwyl hulle plesier het, hulle besig is om hulself voor te berei en gereed te maak vir effektiewe diens in vandag se wêreld, 'n diens waarvan die vrugte tot in die ewigheid sal duur.

Dr Kloosterman is Professor in Etiek en Nuwe Testament in Mid-America Reformed Seminary, Dyer, Indiana

Homofilie as pynlike gawe (III)

Drs A.L.Th de Bruijne

SAMELEWING

Vriendskap met God

Nou kan dit maklik by mooi woorde bly. Daarom moet ons verder soek. Waarin lê hierdie besondere lewensroeping? Op watter stadium word dit konkreet dat die homoseksuele identiteit in Christus 'n "gawe" kan wees?

Ek dink eers aan die vriendskap met God. Paulus sê in 1 Korinthiërs 7: as jy nie getroud is nie, kan jy jouself onverdeeld aan God wy. Die opmerking kan maklik irriterend wees. Asof homoseksueles en ander ongetroudes ekstra aktief moet wees terwyl ander kan opgaan in hul gesinne. Maar die onverdeelde toewyding aan die Here is juis die bestemming van ons almal. Tog laat ons ons lewens baie vol maak met ander dinge. Ongetroudes dra op die eerste gesig 'n gemis met hulle saam. By homoseksueles gaan dit nog dieper omdat die gemis sterk saamhang met dit wat naby die "ek" lê. Dit kan lei tot selfbeklag. Maar dit kan jou ook meer as gemiddeld terugwerp op God en jou laat besef dat Hy alles vir 'n mens is. As dit gebeur, sal jy al gou 'n meer intense en meer intieme band van vriendskap en liefde met God ontwikkel as wat baie ander Christene ondervind. Jy kan daardeur ekstra ontvanklik word vir die diep gevoelsmatige dimensie wat in die band met God opgesluit lê. En ook eerder 'n spoor vind van die volledige versadiging en die allesomvattende genot wat saamkom in die geluk in God. Daarin bespeur jy iets van die toekoms waarin selfs die seksuele omgang vervul word in iets wat verder reik.

Ek bedoel dit dus nie as 'n kompensasiertoertjie nie. Want dit is God se wil vir ons almal en nie net vir homoseksueles nie. Maar as homoseksueles juis vanuit hul spesiale, en dikwels pynlike, posisie in die lewe hierdie intense vriendskap met God soek, en daarvan iets laat merk, blyk hulle God se gawe vir ons almal te

wees. Dit is nie 'n teorie nie. Vandag let ons in die kerk veral op homoseksueles en lesbiërs wat dit nie kan of wil opgee om te leef sonder 'n vaste verhouding en hulself nie wil onthou van seksuele omgang nie. Maar laat ons nie vergeet dat daar ook ander is nie. Die *Nederlands Dagblad* het kort gelede berig oor 'n studiedag rondom Henri Nouwen. Daar is gewys op die verband tussen die gebrokenheid wat Nouwen as homoseksueel sonder vaste verhouding met homself saamdra en sy intense vriendskap met God. Vanuit die vertroutheid met God het hy baie beteken vir die geloofsbeleving van ander Christene. En ek kan ook self voorbeelde noem van homoseksueles en lesbiërs wat op dieselfde manier vir my "gawe van God" is (was).

Vriendskap binne die gemeente

Die spesifieke lewensroeping van "homofiel wees" kan op nog 'n punt as gawe duidelik word. In die komende koninkryk is huwelik en seksuele omgang vervul. Maar vervul is by God nie sommer afskaf nie. Hy het gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. En as dit toe nie goed was nie, is dit nou nog nie goed nie. Menswees is ook saamwees. As die huwelik later nie meer die vorm daarvoor is nie, kry dit 'n nuwe gestalte. Saamwees het later die vorm van die besondere eenheid in die liggaam van Christus, die gemeente. Dis nie sommer dat Paulus "huwelikstaal" gebruik vir die wonder van die gemeente nie: die twee word *daarin* een (Efesiërs 5) en die baie vorme *daarin* word 'n unieke eenheid (1 Korinthiërs 12). Binne hierdie een gemeente groei 'n netwerk van onderlinge verhoudings, Christelike vriendskappe. Deurdat jy jou gesamentlik aan Christus gee, kommunikeer jy sy liefde en kom dit tot 'n vorm van gemeenskap wat

meer volmaak sal wees as die huwelik en intenser voldoening sal bied as die seksuele eenwording. Die gemeente van later begin nou al!!

Juis met die oog daarop is die spesiale lewensroeping van ongetroudes en homoseksueles 'n "gawe". Hulle hoef nie alleen te bly nie. Hulle sal juis meer as ander verlang na, en oopstaan vir, sulke intense Christelike vriendskapsverhoudings. Daarby gaan dit nie oor eksklusiewe tweeverhoudings of oor verhoudings waarvan verliefdheid en seksuele polariteit en omgang die spil vorm nie. Dit gaan juis oor 'n klein begin van die nuwe werklikheid waarin sulke verhoudings vervul sal wees. Maar dit gee dus wel ruimte vir diep gevoelsmatige bande en selfs vir 'n vernude liggaamlikheid. Homoseksueles en ongetroudes het so 'n netwerk van vriendskapsverhoudings nodig en mag die gemeente daartoe stimuleer. Want dit is nie goed dat die mens alleen is nie.


Ook hier gaan dit nie oor 'n susmiddel vir homoseksueles nie, maar oor die bestemming vir ons almal. Homoseksueles en ander ongehudes kan getroude mense losruk uit 'n verabsolutering van hul huwelik en gesin en hulle stimuleer om juis as getroude mense op weg na God se vervulling hierdie netwerk van Christelike bande al meer te onderhou. Is dit geen "gawe" nie?

Vriendskap vir die wêreld

Wat ek tot nou toe geskryf het, geld ook vir ander ongetroudes, al kry verskillende aspekte by homoseksueles wel 'n besondere lading. Maar in die verhouding tot die wêreld is ook 'n aspek van die lewensroeping wat op 'n besondere manier vir homoseksueles geld. In Romeine 1 gebruik Paulus homoseksuele verhoudings om te laat sien hoeseer die Grieks-Romeinse kultuur van God vervreemd is. As jy deur afgodediens die orde tussen Skepper en skepsel omdraai, hou jy later ook nie meer die orde binne die skepping in ere nie. Dit sien jy, sê Paulus, in die vervanging van die natuurlike seksuele omgang

tussen man en vrou deur homoseksuele verhoudings. Dit onderstreep hoe nodig die wêreld die evangelie van Christus het.

Nêrens in die Nuwe Testament bemerk jy dat homoseksualiteit ook binne die gemeente probleme gee nie. Vir die Jode en die eerste Christene het homoseksualiteit gegeld as 'n tipiese heidense sonde. Dit maak 'n groot verskil met baie Christen-homoseksueles vandag. Voordat hulle hul homoseksuele verlangens ontdek het en eventueel vorm daaraan gegee het, het hulle glad nie afskeid van God geneem nie. Hulle het nie opgegroeï binne 'n heidense konteks nie, maar binne die gemeente van Christus. En sonder dat hulle dit wil, bemerk hulle 'n homoseksuele oriëntasie.



Betekend dit dan dat Romeine 1 vir Christen-homoseksueles vandag niks te sê het nie? Volgens my maak Romeine 1 juis hul besondere lewensroeping in die huidige westerse kultuur duidelik. Want die westerse kultuur vertoon 'n duidelike parallel met die wêreld van Romeine 1. Ons kultuur neem die laaste paar eeue steeds meer afskeid van die lewende God en die orde van sy skepping. Met name sedert die middel van die 20ste eeu het hierdie proses versnel. Is dit toevallig dat daarmee saam 'n groeiende nadruk op die homoseksuele gerigtheid gelyke tred hou? En dat, onder invloed van die homobeweging aan die einde van die 20ste eeu, die maatskaplike aanvaarding weer net so sterk word as in die tyd van Paulus? Ook in die westerse wêreld lei die afskeid van die lewende God tot 'n miskenning van

die orde tussen man en vrou. En net soos in Romeine 1 leer dit ons hoe nodig ons westerse wêreld die evangelie het.

Maar, anders as in Paulus se tyd, kom die evangelie vandag nie (alleen) van buite af na die westerse wêreld toe nie. Dit was hier al eeue lank tuis, en die kerk wat dit dra, vorm deel van hierdie kultuur. Juis daarom het Christen-homoseksueles in die huidige situasie 'n besondere missio-nêre roeping. God laat hulle deel in die tipiese kenmerk van 'n kultuur wat van Hom vervreemd geraak het. Hy plaas hulle naby die mense in wie die ontsporing van die westerse wêreld so duidelik geïllustreer word. As Christen-homoseksueles juis op dié plek hul vervulling in God soek, hul plek inneem in die Christelike gemeente en geen seksuele verhoudings aangaan nie, laat hulle iets van God se bewoëheid met ons wêreld sien. Uit die hart van die westerse kultuur loop daar 'n pad terug na die lewende God.

So kan dit ook regtig werk. Van New York (Redeemer Church) tot Amsterdam tot Kaapstad en Pretoria maak God vandag in tot in diepte gesekulariseerde westerse omgewings vir Christen-homoseksueles tot sprekende tekens van sy bewoë evangelie. Daarin sien ek hoe 'n homoseksuele identiteit juis vandag ook 'n positiewe lewensroeping en 'n gawe van God kan word.


Praktyk

Op basis van dit en die vorige artikel maak ek nog enkele opmerkings oor die kerklike praktyk. Juis as daar in die kerk panele dreig om verskuif te word waar dit die aangaan van homoseksuele verhoudings betref, moet ons onself nie daarop blind staar nie. Om maar net te probeer om met alle geweld die ontwikkeling te keer of te beheers, is soos om die vloer te probeer droogmaak met 'n oop kraan. Net nuwe Bybelse oortuigingskrag met dade en woorde kan sorg vir 'n gesamentlike rigting. En daarby hoort dat ons homofiele

en lesbiese gemeentelede nie meer alleen of veral sien as mense met 'n probleem nie, maar dat ons hulle besondere lewensroeping herken en waardeer.

Tegelyk kan die kerk, in die lig van die Bybel, nooit homoseksuele verhoudings goedkeur nie. Daarmee dui ek op verhoudings wat die kenmerk van die huwelik vertoon: 'n eksklusiewe verbond tussen twee "partners", gebaseer op wedersydse seksuele aantrekking, wat hulle hele lewe deel en waarbinne seksuele verkeer plaasvind. In sy artikel in die *Gereformeerde Kerkblad* waarna ek die vorige keer verwys het, skryf ds Messelink iets soortgelyks. En ek stem daarin met hom saam.

Maar ook met hierdie duidelikheid mag die kerk nie volstaan nie. Die kerk moet homoseksueles stimuleer tot, en help met, die ontwikkeling van Christelike vriendskapsverhoudings binne die netwerk van die gemeente. Daarin begin immers die vervulling wat die koninkryk sal bring. Die waarheid lê hier binne noukeurig bepaalde grense. Juis in hierdie verband bied sommiges tog weer ruimte vir min of meer eksklusiewe vriendskappe tussen twee homoseksueles onderling. Daaraan stel hulle dan die voorwaarde dat daarbinne geen seksuele gemeenskap mag plaasvind nie. Hierdie ruimte vind ons ook in die artikel van ds Messelink. Ek stem saam dat die kerk soms sulke verhoudings moet dra. Maar ek glo nie dat jy dit by voorbaat as moontlikheid moet voorstel nie. Want so isoleer jy die seksuele gemeenskap van die ander kenmerke van die huweliksverhouding en lyk so 'n homofiele vriendskap wat betref die ander kenmerke tog net soos die man-vrou-verhouding. Om uit sulke verhoudings net die homoseksuele omgang dood te trek, lei maklik tot 'n onnatuurlike spanning wat nie volgehou sal kan word nie.



Volgens my moet 'n mens as kerk nooit sulke verhoudings aanmoedig nie, maar die andersoortige Christenvriendskapsverhoudings wat ek in die voorafgaande beskryf het. Daarby het dit nie gegaan oor verhoudings tussen "partners" nie, maar oor intense bande tussen mense wat juis *nie* op mekaar verlief is nie. En in plaas van eksklusiewe tweeverhoudings kom 'n vertakkende netwerk van bande met vele andere. Daarin neem nie alleen homoseksueles deel nie, maar ook heteroseksueles, en nie alleen ongetroudes nie, maar ook getroudes. Binne sulke vriendskapsverhoudings kan jy ook saamleef, en woon- of leefgemeenskappe vorm. Selfs gesinne kan daarin (eventueel tydelik) deelneem of hulle minstens oopmaak in die rigting van homoseksueles en ander ongetroudes.

KEUSE TUSSEN VERKEERDES

Ek besef dat baie hiervan idealisties lyk. Maar daar is in die wêreld kerke en Christelike gemeenskappe waar dit regtig so werk. Dit is soms maar net 'n kwessie van dit waaraan jy gewoond is en wat jy bereid is om saam aan te leer. Tegelykertyd erken ek dat die realiteit ook baie keer heeltemal anders is. En vir sommige homoseksueles kan dit lei tot onoplosbare probleme. As hulle in so 'n situasie kies vir 'n meer

eksklusiewe vriendskapsverhouding en daarin opreg wil afsien van seksuele omgang, moet die kerk dit dra. Wel pleit ek daarvoor dat hulle "'n openbare belofte van onthouding" aflê. Daarmee vra jy hulp van God, gee jy verantwoording na buite en beskerm jy mekaar. Soms is die beter ding so ver weg dat ons die mindere nie heeltemal moet negeer nie. As dit maar duidelik bly dat dit hier gaan oor 'n – altyd tydelike – noodmaatreël.

Maar 'n verder reikende keuse tussen die kwade lyk vir my binne die kerk op hierdie punt nie aanvaarbaar nie. Sommige vergelyk dit met 'n volgende huwelik na 'n egskieding. As dit in bepaalde ernstige gebroke situasies nie mag nie, maar dit word tog aangegaan, berus die kerk soms daarin as 'n "mindere kwaad". Tog sien ek 'n deurslaggewende verskil. By so 'n volgende huwelik kan wel die beslissings om te trou verkeerd wees, maar is die getroud-wees op sigself 'n struktuur wat pas by God se bedoeling. Maar 'n volledige homoseksuele verhouding stry juis as sodanig met God se wil. As jy daarvoor kies, kies jy dus vir 'n situasie van "in sonde leef". Daarom sien ek hier 'n grens aan die moontlikhede om in gebroke situasies kompromieë aan te gaan. Die "minder verkeerd" rondom die vorming van homoseksuele verhoudings mag volgens my nooit verder reik as 'n berusting in 'n tydelike vriendskapsverhouding op voorwaarde van 'n gelofte van onthouding nie. Daarmee blyk jy saam in ere te hou dat God se lewensroeping vir homoseksueles eintlik verder reik en daarna verlang dat binne die kerk daaraan meer vorm gegee kan word.

Uit: De Reformatie, Jaargang 80, nommer 38, 25 Junie 2005 ✠

Tinkering with Creation?

- The Promise and Perils of Genetic Engineering

Cornelis van Dam (editor)



BOEKBESPREKING

Die belofte en gevare van genetiese modifisering

Hierdie boek is 'n samestelling van referate wat gelewer is by 'n seminar georganiseer deur die Burlington Reformed Study Centre, en is geredigeer deur prof C van Dam. Dit behandel die relatief nuwe wetenskap van biotegnologie, en meer spesifiek die molekulêre biologie en die genetiese tegnologie. Laasgenoemde het veral onlangs groot vooruitgang gemaak en baie blootstelling, indien nie selfs berugtheid, verwerf deur die kloning van die skaap Molly. Ons draai onself egter 'n rat voor die oë as ons glo dat biotegnologie slegs 'n onlangse ontwikkeling is. Hierdie miskonsept word duidelik geïllustreer deur prof John van der Stoep in sy aanbieding: "Weet u wat u eet?". Dr Tony Jelsma behandel die voordele en betekenis van genetica in die gesondheidsarena in sy voorlegging: "Menslike kloning en Stamselnavorsing". Dr Nelson Kloosterman, 'n etikus, reageer op hierdie sake en stimuleer verdere gedagtes deur die gebruik van God se Woord as maatstaf.

Genetiese modifisering in die plantwêreld

Moderne biotegnologie is 'n reuse-stap vooruit in die moontlikhede van wetenskap. Ons is in staat om gene van een spesie na 'n ander oor te dra en selfs om genetiese materiaal tussen spesies uit te ruil wat andersins nie sou teel nie. Dit is juis hierdie vermoë wat die publieke teenkanting teen geneties gemodifiseerde voedsel veroorsaak het. Die mens wantrou hierdie wetenskaplike inmenging, beskou dit as onnatuurlik en selfs 'n bietjie "uit die bouse", en verkies eerder om "organies verboude" en "natuurlike" voedsel te eet.

Hierdie standpunt is egter gebaseer op onkunde, omdat selektiewe teling vir goeie eienskappe niks nuuts is nie, en reeds vir dekades beoefen is. Hierdie was ook nie 'n "natuurlike" proses nie, en is ook die geforseerde same-smelting van genetiese materiaal. Daar is egter sedertdien ontdek dat hierdie "outydse" manier nie baie presies is nie. Gedurende die 1970-jare het, met die vooruitgang in molekulêre biologie wat die beweging van DNS tussen ver verwante organismes (genaamd rekombinante DNS) toegelaat het, dit moontlik geword om een spesifieke geen te beweeg. Hierdeur kon enige ongewenste gene en kenmerke uitgesluit word. So het hierdie wetenskap, vanweë sy spesifiteit, baie veiliger geword. So het die genetiese tegnologie 'n aartappelplant geproduseer waarvan die blaar weerstandbiedend is teen 'n spesifieke tor. Dit het tot gevolg dat die boere nie meer insekdoder moet gebruik om dié plaag te beheer nie.

Chymosien is 'n sintetiese ensiem wat van die rekombinant E.coli geproduseer is en gebruik word om melk te verander in wrongel. Kaasmakers verkies dit bo die tradisionele stremsel, omdat dit suiwerder en goedkoper is. Diere word ook nie gebruik nie en daarom is daar minder allergene.

In navorsing op melk word gepoog om laktose en ander allergie-veroorsakende proteïene te verwyder, terwyl lakto-ferrien ('n noodsaaklike vorm van yster, gevind in menslike melk maar nie in koemelk nie), toegevoeg word.

Is daar risiko's verbonde aan hierdie tegnologie? Sekerlik, maar in die goed gereguleerde wêreld van voedselveiligheid is die gevare vir die verbruiker minimaal. Voordat geneties

gemodifiseerde voedsel die winkelrakke bereik, word streng toetse gedoen.

Die grootste gevaar verbonde aan hierdie en ander tegnologie is die wyse waarop dit gebruik word. Dit bly 'n werktuig wat wyslik gebruik moet word. Die effek op die ekologie moet in gedagte gehou word – tree ons op as goeie rentmeesters van God se skepping in die gebruik van hierdie tegnieke?

Tweedens moet, in die lig van die vinnig ontwikkelende biotegnologie in die westerse wêreld, sorg gedra word dat globale deelname in die ontleding van ekonomiese en omgewingsgevolge verseker word. Hierdie tegnologie besit die vermoë om 'n nuwe vorm van imperialisme te skep, hierdie keer 'n ekonomiese een. Om aan te dring op globale deelname in die ontleding van gevolge, sal morele integriteit toon, en dit sal help met die skep van harmonie in hierdie sake.

Biotegnologie in die mediese wêreld

Die mees kontroversiële onderwerp in die mediese wêreld is "stamselnavorsing", omdat hierdie gesogte stamselle verkry word uit die vroeë embryo. Net na bevrugting word die embryo 'n "sigoot" genoem. Dit het die volle stel gene van beide ouers, maar het nog nie begin differensieer nie. Hierdie sel word "totipotent" genoem, wat beteken dat dit die vermoë besit om in baie verskillende selstipes te ontwikkel. En dit is hierdie vroeë embriotiese selle wat baie navorsers aantrek.

Is dit verkrygbaar van ander bronne? Ja, want volwassenes het ook stamselle. Dit word geving in die beenmurg, selle wat kan verander in al die

Eienaar en uitgewer:**Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:

Printburo

Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie:

ds E Viljoen (eindredakteur)

Mev. M de Vries

J Moes

P Hofsink

Redaksie:

Mev. JW Douma

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

E-pos:

Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland:

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

Administrasie:

Mev. G van der Meulen

Posbus 23931

Gezina 0031

Sel. 084-607-6072

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

Vermeld asb.**u Naam & Lidnr****Intekengelde (per jaar):**

E-pos RSA R40

Buiteland •10

RSA per hand R80

per pos R90

Buiteland:

Seepos •30

Lugpos •40

verskillende bloedselle: rooibloedselle, witbloedselle en plaatjies. Die stamselle kan goeies word en, soos in die geval van leukemie, teruggeplaas word in die pasiënt se liggaam nadat die kankerselle vernietig is. Hulle sal dan verander in die verskillende bloedselle. Die oes van 'n pasiënt se eie selle is nie-kontroversieel. 'n Ander nie-kontroversiële bron van stamselle is bloed van die naelstring.

Dit is nie moeilik om te sien waarom hierdie tegnologie so 'n brandpunt geword het nie. Met die koms van in vitro-bevrugting het dit standaard praktyk geword om ekstra eierselle te bevrug, sommige van die embryo's in die uterus in te plant en die res te bevries. As die ouers nie hierdie embryo's wil hê nie, word dit vernietig. Dit is hierdie surplus embryo's wat nou in stamselnavorsing gebruik word met die verweer dat hulle in elk geval vernietig sou word. Hierin lê die etiese dilemma vir ons as Christene. Dit is 'n onaanvaarbare praktyk wat gelukkig nog in die meeste lande verbied word.

Die vraag ontstaan egter: Hoe help ons die broers en susters wat worstel met die vraagstukke van vrugbaarheid en kinderloosheid? Is dit voldoende dat ons hulle adviseer om 'n vrugbaarheidskliniek by te woon en hulle dan in die hande van die kenners laat? Is hulle/ons bewus van die tegnieke wat gebruik word?

Kloning

In die kloningsproses word die kern (wat al die genetiese materiaal bevat) van 'n sel verwyder, en vervang deur die kern van 'n ander sel. Dit word dan in die uterus ingeplant waar dit verder ontwikkel. Reproductiewe kloning is egter nog 'n baie oneffektiewe proses met min sukses.

Die kloningstegnologie word op die oomblik bestudeer om te bepaal of dit enige terapeutiese waarde het, bv. in pasiënte met 'n chroniese siekte soos Parkinsons of 'n longsiekte. Voorstanders van terapeutiese kloning voer aan dat 'n baba nie in hierdie geval geproduseer word nie,

alhoewel wel 'n "potensiële" baba. As in aanmerking geneem word dat die hoofdoel van mediese versorging, genesing is, waar pas kloning dan in? Kan ons die gebruik van hierdie tegnologie goedkeur?

Kloosterman maak die onderskeiding dat die tegnologie in twee kategorieë val: terapeuties of eugenies. Eersgenoemde met die doel om te herstel en te genees, terwyl laasgenoemde as oogmerk het om die menslike ras as 'n genus te verbeter, in terme van die genepoel. Ons beoordeling van hierdie sake moet gelei word deur die vraag: Is hierdie tegnologie ontwikkel om die gevolge van die sonde in God se skepping te oorkom, of is dit ontwerp om ons in staat te stel om as skeppers te funksioneer wat die noodsaaklike kode wat ons mense maak, te verander? As rentmeesters in God se skepping is ons roeping tog om die skepping te beskerm en te bewaar. Ons moet stry teen die eksperimentering met menslike lewe op enige tydstip, en respek toon vir die pluriformiteit van lewe tussen spesies.

Ten slotte, biotegnologiese navorsing vorm deel van die mens se God-gegewe kulturele mandaat, en net soos met ander tegnologieë, oorkom dit natuurwette. Daar is ruimtevaarte, waar die mens buite die aarde se reikwydte verplaas word: die wet van aantrekkingskrag word oortref. Ons gebruik organiese swamme soos bv. penisillien en plaas dit in die liggaam om vreemde bakterieë te vernietig. Die ondersoek en manipulering van die sellulêre strukture van diere en plante is geen groter skending van die "natuurlike" wette as hierdie uitvindings nie. Maar, waar dit die oorsprong van lewe en die skepping van die mens na God se beeld beïnvloed, daar trap ons op heilige grond.

Hierdie boek is die moeite werd om te lees en kan bestel word van:

Burlington Reformed Study Centre
642 Ramsgate Road
Burlington, Ontario
Canada L7N 2Y1 ✉